

**DIE ROL VAN DIE GESTALTPROSES IN LOOPBAANBESLUITNEMING
TYDENS LAAT ADOLESSENSIE**

deur

J. L. Adriaanse

**voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir
die graad**

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE-RIGTING)**

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR H B GROBLER

NOVEMBER 2007

ERKENNING

Ek wil God die Vader, Christus Jesus en die Heilige Gees bedank vir die seëning waarin ek mag wandel in die pad wat vir my berei is.

Elna, vir jou onvoorwaardelike liefde, ondersteuning en inspirasie.

Ma, vir jou onvoorwaardelike liefde en ondersteuning.

Die families Adriaanse, Adriaanse-Steyn, Badenhorst, Britz, Kriel, Moolman, van Alfen en Vorster vir julle ondersteuning en bystand.

Spesiale dank aan Doktor Herman Grobler vir jou geduld en ondersteuning.

Verklaring

Ek verklaar hiermee dat DIE ROL VAN DIE
GESTALTPROSES IN BESLUITNEMING TEN EINDE
LOOPBAANKEUSE IN LAAT ADOLESSENSIE AAN TE
SPREEK my eie werk is en dat ek al die bronne wat ek
gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige
verwysings aangedui en erken het.

Geteken te: _____

Datum: _____

HANDTEKENING

OPSOMMING

DIE ROL VAN DIE GESTALRPROSES IN LOOPBAANBESLUITNEMING TYDENS LAAT ADOLESSENSIE

JOHANNES L. ADRIAANSE

MAGISTER DIACONIOLOGIAE:

SPELTERAPIE

STUDIELEIER: DR H.B. GROBLER

Hierdie navorsing het ten doel om vanuit 'n beroepsontwikkelings- en gestaltperspektief insig te kry oor die rol van 'n adolessent se verwerkingstyl (proses) in besluitneming aangesien dit blyk asof die adolessent se proses ten opsigte van loopbaankeuse misken word. In hierdie navorsing is gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude om data te genereer. Hieruit is gekodeerde temas geïdentifiseer wat gedien het as die navorsingskern van hierdie studie. Die subjektiewe ervaring van respondente ten opsigte van beroepsontwikkeling word weergegee en ondersteun met 'n literatuurkontrole. Uit hierdie navorsing is dit duidelik dat die adolessent se proses dinamies is met verwysing na die veld en fenomenologie en dat strukture soos familie en skool as omgewingsinvloede 'n belangrike rol speel by beroepsontwikkeling. Intrapsigiese konstrakte soos introjekte, assimilasië en proses speel net so 'n belangrike rol ten einde besluitneming te stuur.

Sleuteltermes: Proses; Besluitneming; Adolessensie; Ontwikkeling; Familie; Skool; Loopbaankeuse; Introjekte; Assimilasië.

SUMMARY

THE GESTALT PROCESS IN CAREER CHOICE DURING LATE ADOLESCENCE

JOHANNES L. ADRIAANSE

MAGISTER DIACONIOLOGY:

PLAY THERAPY

STUDY LEADER: DR H.B. GROBLER

This research aims to attain insight into the role a person's processing style (process) have on decision-making from a career developmental and gestalt perspective because it appears as if the adolescent's proses with regard to career choice is not being acknowledged. Semi-structured interviews were used to generate data from which coded themes were identified. These coded themes served as the core research of this study. The subjective experience of respondents' career development are presented, supported by a literature control. From this research it is clear that the adolescent's process is dynamic with regard to field and phenomenology and that structures such as family and school plays an important career developmental role as environmental influences. Intra psychic constructs such as introjects, assimilation and process play an important role in decision-making.

Key terms: Process; Decision-making; Adolescence; Development; Family; School; Career choice; Introjects; Assimilation.

INDEKS

BLADSY NOMMER

HOOFSTUK 1: NAVORSINGSMETODOLOGIE

1	INLEIDING	1
2	PROBLEEM EN RASIONAAL VIR STUDIE	3
2.1	Motivering vir keuse van onderwerp	3
2.2	Probleemformulering	5
2.3	Navorsingsvraag vir die studie	6
2.4	Doel en doelwitte	7
3	NAVORSINGSBENADERING	8
3.1	Kwalitatiewe navorsingsbenadering	8
3.2	Soort navorsing	9
3.3	Navorsingstrategie	10
4	NAVORSINGSMETODOLOGIE	11
4.1	Navorsingsprosedure en werkswyse	11
4.1.1	Afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming	11
4.1.2	Literatuur	12
4.1.3	Metode van data-insameling	13
4.1.4	Metode van data-ontleding	13
4.1.4.1	<i>Data-insameling en voorlopige ontleding</i>	14
4.1.4.2	<i>Organisering van die data</i>	15
4.1.4.3	<i>Kodering van data</i>	15
4.1.4.4	<i>Genereer kategorieë, temas en patrone</i>	15
4.1.4.5	<i>Toets die ontvouende begrippe en soek alternatiewe verduidelikings</i>	16
4.1.4.6	<i>Skryf die verslag</i>	17

5.	VERTROUENSWAARDIGHEID VAN STUDIE	17
5.1	Geloofwaardigheid	17
5.2	Oordraagbaarheid	18
5.3	Betroubaarheid	18
6	ETIESE ASPEKTE	19
6.1	Vrywillige deelname	19
6.2	Leedaandoening	20
6.3	Anonimiteit en vertroulikheid	20
6.4	Ingeligte toestemming	21
7	DEFINISIE VAN HOOFKONSEPTE	22
8	INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG	23
9	OPSOMMING	24

HOOFSTUK 2: TEORETIESE ORIËTERING

1	INLEIDING	26
2	VROEË PSIGOMETRIESE ONTWIKKELING IN DIE SUID- AFRIKAANSE KONTEKS	26
3	GESTALTTEORIE EN DIE TEORIE VAN SUPER	30
3.1	Teorie van Donald Super	30
3.2	Selfkonsep	34
3.3	Adolessensie	35
4	BEROEPSKEUSE EN BESLUITNEMING	37
5	SAMEVATTING	41

HOOFSTUK 3: EMPIRIESE INLIGTING

1	INLEIDING	43
2	BEPLANNING VIR DIE INSAMELING VAN DATA	43

3	NAVORSINGSMETODOLOGIE	44
3.1	Navorsingsprosedure	44
3.1.1	<i>Afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming</i>	44
3.1.2	<i>Metode van data-insameling</i>	45
4	WERKSWYSE	46
4.1	Metode van data-ontleding	46
4.1.1	<i>Data-insameling en voorlopige ontleding</i>	46
4.1.2	<i>Organisering van die data</i>	47
4.1.3	<i>Kodering van data</i>	48
4.1.4	<i>Genereer kategorieë, temas en patrone</i>	49
4.1.5	<i>Toets die ontvouende begrippe en soek alternatiewe verduidelikings</i>	50
5	VERTROUENSWAARDIGHEID VAN STUDIE	50
5.1	Geloofwaardigheid	50
5.2	Oordraagbaarheid	51
5.3	Betroubaarheid	52
6	OORSIG VAN BENADERING TOT ONDERHOUDVOERING	53
7	ONDERHOUDE	54
7.1	Beroep	54
7.1.1	<i>Studierigting</i>	54
7.1.1.1	<i>Ontwikkeling van huidige studierigtings</i>	55
7.1.1.2	<i>Hulpbronne wat gebruik word as motivering vir die maak van studierigting</i>	56
7.2	Proses	60
7.2.1	<i>Selfkonsep</i>	60
7.2.1.1	<i>Ware self</i>	61
7.2.1.2	<i>Ideale self</i>	62
7.2.1.3	<i>Valse self</i>	64
7.2.2	<i>Probleemoplossingstrategieë</i>	65

7.2.2.1	<i>Swak gedefinieerde probleme (gevestigde weë)</i>	65
7.2.2.2	<i>Goed gedefinieerde probleme (kreatiewe denke)</i>	67
8	SAMEVATTING	70

HOOFSTUK 4: LITERATUURKONTROLE

1	INLEIDING	71
2	BEROEP	71
2.1	Studierigting	71
2.1.1	<i>Ontwikkeling van huidige studierigtings</i>	72
2.1.2	<i>Hulpbronne wat gebruik word as motivering vir die keuse van studierigting</i>	73
2.1.2.1	<i>Skool</i>	73
2.1.2.2	<i>Familie</i>	76
2.1.2.3	<i>Ander hulpbronne</i>	78
3	PROSES	79
3.1	Selfkonsep	79
3.1.1	<i>Ware self</i>	80
3.1.2	<i>Ideale self</i>	81
3.1.3	<i>Valse self</i>	82
3.2	Probleemoplossingstrategieë	83
3.2.1	<i>Swak gedefinieerde probleme (gevestigde weë)</i>	84
3.2.1.1	<i>Introjekte</i>	86
3.2.1.2	<i>Onrealistiese verwagtinge</i>	87
3.2.2	<i>Goed gedefinieerde probleme (kreatiewe denke)</i>	88
3.2.2.1	<i>Assimilasie</i>	90
3.2.2.2	<i>Realistiese verwagtinge</i>	90
3	SAMEVATTING	91

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1	INLEIDING	92
2	PROBLEEM EN RASIONAAL VIR STUDIE	92
3	NAVORSINGSVRAAG	93
4	DOEL EN DOELWITTE	94
5	GEVOLGTREKKINGS EN AFLEIDINGS	95
6	BYDRAES VAN STUDIE	96
7	TEKORTKOMINGE	97
8	AANBEVELINGS	97
9	SAMEVATTING	98
	BIBLIOGRAFIE	100

BYLAE

Bylae A Toestemming van UNISA

Bylae B Toestemming van respondente

Bylae C Transkripsie van onderhoude

HOOFSTUK 1: NAVORSINGSMETODOLOGIE

1 INLEIDING

Daaglik neem mense besluite. Sommige besluite is deel van daaglikse roetine en word maklik geneem. Ander besluite, van meer belang, verg egter meer aandag. So is besluite wat op tersiêre vlak geneem word belangrik, veral ten opsigte van aspekte soos vakkeuse, toekoms ter sprake, langtermyn-impak en –doel. Besluite het langtermyn-gevolge op lewenstyl en vriendekringe, asook op aktiwiteite waaraan deelgeneem word buite werksopset en het gevolglik 'n invloed op lewenskwaliteit (Leong & Barak, 2001:7) en selfwaarde (Niles & Harris-Bowlsbey, 2002:2-5).

Turner en Lapan (2005:424) wys daarop dat 'n rigiede besluitnemingstrategie die oorgang van skool na 'n werkomgewing bemoeilik. Sommige adolessente vind dit moeilik om besluite te implementeer (Brown, 2002:176-177) wat tot vermydende gedrag kan lei. Volgens Turner en Lapan (2005:424) begin hierdie vermydende gedrag in die vroeë kinderjare en word kognitiewe gedragstrategieë, soos ondersteuning van familie vir goeie ego-ontwikkeling benodig om die oorgang van byvoorbeeld skool na 'n werk te vergemaklik (Csikszentmihalyi & Schneider, 2000:115).

Baron en Byrne (2000:512) sien besluitneming as 'n proses waarin beskikbare inligting gekombineer en geïntegreer word ten einde een van verskeie keuses te maak. Die manier waarop mense sosiale inligting verwerk, met ander woorde hulle verwerkingstyl, kan 'n sterk invloed hê op oordeel, besluitneming, afleidings en gevolgtrekkings ten opsigte van ander persone. Sosiale sielkundiges glo dat optrede in sekere sosiale situasies sterk beïnvloed word deur dit wat die persoon van die situasie dink (Baron & Byrne, 2000:14).

In die verlede en tans speel psigometriese toetse 'n groot rol in besluitneming deurdat hierdie toetse, vanuit 'n objektiewe standpunt, 'n goeie aanduiding gee van wie die persoon is en word daar sterk gesteun op psigometriese toetse ten einde besluitneming te vergemaklik (Foxcroft, Roodt & Abrahams, 2001:31-32). Psigometriese toetse moet egter met omsigtigheid geïnterpreteer word volgens Foxcroft *et al.*, (2001:25), veral waar toetse uit die buiteland aangepas is vir Suid-Afrika of waar norme nie vir plaaslike bevolkingsgroepe gestandaardiseer is nie. Besluitneming kan deur die gebruik van psigometriese toetse ondersteun word en deur ook die persoon se proses in aanmerking te neem (Swanson & D'Achiardi, 2005:360-361), alhoewel die persoon se proses groter beklemtoning behoort te geniet volgens die navorser. Dit is juis die rol van hierdie proses, soos gesien vanuit die gestaltperspektief, wat die navorser ten opsigte van besluitneming rakende loopbaankeuse wil ondersoek.

Die essensie van wie 'n persoon is, is in hom- of haarself gesetel en word 'n persoon se proses genoem. Om hierdie proses (Yontef, 1993:52) te kan sien, moet die persoon hom of haarself daarmee kan vereenselwig en hulle proses aanvaar as deel van wie hulle is, ook ten opsigte van besluitneming. Die persoon is altyd in die proses van wees, van dit wat hy of sy is, en in die proses om te word (Capuzzi & Gross, 2003:186). Die persoon maak interaktief (ontdekking) kontak met die omgewing en die gevolglike bevrediging van nuwe gestaltformasies (insig) gee aanleiding tot gewaarwording wat leer teweeg bring (Yontef, 1993:52). Die navorser is van mening dat egte verandering plaasvind indien 'n persoon word wie hy of sy is en nie wanneer die persoon probeer om te wees wat hy of sy nie is nie. Hierdie opinie word ondersteun aan die hand van die paradoksale teorie van verandering soos onder andere beskryf in Joyce en Sills (2006:37) en Yontef (1993:12). Die navorser is ook van mening dat goeie besluite uit kennis van die self (proses) voortspruit, deur bewus te wees van sterk- en swakpunte, wat ontstaan uit die bewustheid van onder andere kernwaardes (Turner & Lapan, 2005:424). Joyce en Sills (2006:63) verwys na kernwaardes as sentraal en fundamenteel tot die begrip van wie die persoon is en word gewoonlik as kind gevorm. Kernwaardes is 'n gevolg van konstante

verbandhoudende ondervindinge. Hierdie waardes, volgens Joyce en Sills (2006:63), word oorgedra na volwassenheid, word nie bevraagteken nie, en is soms, onbewus. Dit is hierdie onbewustheid of bewustheid van die persoon se eie proses en die gepaardgaande manier van probleme oplos wat, volgens die navorser, die besluitnemingsproses beïnvloed.

In hierdie hoofstuk word die rol van die persoon se proses in besluitneming binne die konteks van navorsingsmetodologie bespreek.

2 PROBLEEM EN RASIONAAL VIR STUDIE

2.1 Motivering vir keuse van onderwerp

Die navorser is van mening dat 'n beroep meer is as net 'n inkomste. Die navorser steun onder andere op die teorie van Donald Super (soos vervat in Rounds & Armstrong, 2005:307; Super & Bohn, 1970:147-149) omdat dit 'n meer holistiese beeld van die mens en sy strewe na aktualisering en ontwikkeling weergee. Hierdie holistiese uitkyk is belangrik aangesien hierdie studie fokus op die respondent se besluitnemingsproses as geheel, insluitend die inagneming van proses en nie slegs kognitiewe en/of emosionele aspekte van besluitneming nie.

'n Kritiese begrip of denkbeeld in Super se teorie (in Rounds & Armstrong, 2005:307; Super & Bohn, 1970:147-149) is dat 'n beroepskeuse 'n uitdrukking is van die individuele selfkonsep. Adollesente moet hulleself ken om goeie keuses te kan maak. Adollesente slaag nie altyd daarin om hulle belangstellings, vermoëns en bekwaamhede te integreer nie en kan gevolglik nie fokus op 'n spesifieke beroepsdoelwit nie (Brown, 2002:176-177). Die identifisering van 'n beroepsdoelwit maak deel uit van beroepsontwikkeling.

Volgens Super (in Rojewski, 2005:136; Super & Bohn, 1970:140-141) word beroepsontwikkeling as opeenvolgende beroepstake gesien wat in 'n gedefinieerde, voorspelbare reeks uitgevoer moet word. In die eksploreringfase van hierdie reeks ondersoek adolessente verskillende beroepe (Osipow & Fitzgerald, 1996:116). Hierdie fase, wat om en by die ouderdom veertien begin, is van besondere belang omdat dit die fase is waarin adolessente beroepsopsies verminder totdat daar 'n keuse gemaak kan word (Rojewski, 2005:136; Super & Bohn, 1970:137-138). Daar word oor beroepe gefantaseer en tentatiewe beroepe word geïdentifiseer (Rojewski, 2005:136). Beroepsaspirasies verander oor tyd, maar neig om meer stabiel te word tydens die volwassewording van die adolessent (Rojewski, 2005:136).

Dit is vir die navorser van uiterste belang dat 'n persoon 'n passie het vir wat hy of sy doen as beroep. Veral gesien in die lig daarvan dat 'n persoon gemiddeld agt uur per dag met werk besig is. Volgens Baron en Byrne (2000:548) het stres 'n negatiewe impak op gesondheid, werk, sosiale interaksie en geesteslewe. Mense wat gelukkig is in hulle werk ervaar ander positiewe gevolge in gedrag, affek en gesondheid (Fritzsche & Parrish, 2005:182).

Die navorser werk tans met studente op universiteitsvlak. Uit sy kontak met studente is dit opvallend dat baie studente sukkel om vakkeuses te maak. Huidige ondersteuning deur die Buro vir Voorligting, Loopbaan en Akademiese Ontwikkeling (BVLAO) is, soos die naam impliseer, primêr gefokus op vakkeuse vir 'n beroep. Die motivering vir die studie is om die rol van die persoon se proses ten opsigte van besluitneming oor loopbaankeuse te ondersoek .

2.2 Probleemformulering

Probleme ontstaan uit die waarneming (Fouché & De Vos, 2005:92) van realiteit en ook nuuskierigheid (Fouché & De Vos, 2005:95). Vanuit die navorser se betrokkenheid by loopbaankeuse van studente het hy waargeneem dat die student se proses ten opsigte van loopbaankeuse misken word en het die behoefte ontstaan om die rol van die proses te ondersoek.

Die navorser is van mening dat besluitneming van enige aard problematies is indien die persoon wat die besluit neem hom- of haarself nie ken of laat geld nie en dus ook nie in kontak is met sy/haar eie proses nie. Volgens Mackewn (1997:105) is 'n persoon se spesifieke styl (proses) wat hom lei om deur lewensiklusse te beweeg betekenisvol en hou dit verband met aspekte wat ondersoek word, soos byvoorbeeld loopbaankeuse. Indien die proses nie in ag geneem word nie, kan dit aanleiding gee tot verkeerde loopbaankeuse. Die gevolge van sulke besluite is uiteenlopend. Verkeerde vakkeuse kan aanleiding gee tot langer studies deurdat vakke verander van graaddoeleindes na nie-graaddoeleindes. Dit het tot gevolg dat 'n student moontlik 'n ekstra jaar moet studeer om sy of haar graad of diploma te verwerf. Dit het finansiële implikasies en kan die student 'n jaar terughou voordat hy of sy ekonomies aktief kan word. Verder verloor die Universiteit subsidie vir daardie student vanaf die staat.

Swak besluitneming weens onkunde oor die individu se unieke proses (verwerkingstyl) lei tot swak beroepskeuse by die laat adolessent. Die implikasie hiervan is dat:

- swak besluite 'n impak het op affek. Dit het tot gevolg dat 'n persoon nie altyd rasioneel na 'n situasie kyk nie (perseptuele skuif) volgens Dawis (2005:19-20);
- 'n verminderde vermoë ontstaan om bevredigende werk en sukses te vind (Spokane & Cruza-Guet, 2005:38).

Swak besluite hou verband met negatiewe houding in mense en organisasies. Besluitneming maak deel uit van die persoon se vermoë om werkgereed te wees. Navorsing toon dat volwassenes met genoegsame werkgereedheid-vermoëns onder andere groter werktevredenheid toon, beter geïntegreerd is in die werkopset, meer toegewyd is, produktief is en minder van werk verander (Turner & Lapan, 2005:421). Daar is bewyse dat werkgereedheid-vermoëns in die familie en klaskameropset ontwikkel word en behels onder andere vermoëns soos goeie interpersoonlike verhoudinge, stiptelikheid en gereeld werk of skool toe gaan (Turner & Lapan, 2005:421). Volgens die navorser bestaan bogenoemde probleme omdat die rol van die prosesse van studente nie in aanmerking geneem word tydens besluitnemingsprosesse oor loopbaanbeplanning nie.

2.3 Navorsingsvraag vir die studie

Babbie en Mouton (2001:73) stel dit dat alle navorsing begin met die identifisering en duidelike formulering van 'n navorsingsprobleem. Strydom en Delport (2005:321) voer aan dat vae idees, wat uit die probleemformulering ontstaan, as spesifieke vrae geformuleer moet word wat verband hou met die doel en doelwitte van die ondersoek.

Knight (2002:10) voer aan dat navorsingsvrae drie hoof funksies het, naamlik:

- Vrae fokus die navorser se soeke na spesifieke inligting;
- Die vrae laat die navorser dink oor beweringe wat later gemaak kan word ten opsigte van die betekenis van die bevindinge in die studie;
- Vrae stuur die navorser in sy/haar keuse van metodes van navorsing.

Met inagnome van die probleemformulering kan die volgende vrae gevra word:

- Waarom ervaar laat adolessente probleme met vakkeuse?
- Hoe hou selfkonsep en waardes verband met die gekose rigting?
- Het adolessente genoegsame kennis in verband met beroepe?

- Het adolessente genoegsame kennis rakende hulself?

Vanuit bogenoemde vrae is die volgende navorsingsvraag geformuleer: Watter rol speel die proses vanuit die gestaltperspektief in besluitneming by laat adolessente se loopbaankeuse ?

2.4 Doel en doelwitte

Fouché en De Vos (2005:104) omskryf doel as:”- the end toward which effort or ambition is directed” en dit gesien as breed en abstrak, terwyl doelwitte die konkrete, meetbare stappe is ten einde die doel te bereik. In Babbie en Mouton (2006:79) word doel omskryf aan die hand van verkennende, beskrywende en verklarende navorsing. Die navorser kan een van die drie benaderings gebruik na aanleiding van dit wat nagevors wil word. Beide verkennende en beskrywende navorsing is in hierdie studie gebruik.

Die navorser se doel met hierdie studie was om die rol van die proses van studente te verken in soverre dit besluitnemings aangaan in verband met vakkeuse en loopbaanbeplanning. Hierdie doel is deur die uitvoer van die volgende doelwitte bereik:

- Literatuur is nagegaan en het as teoretiese raamwerk vir semi-gestruktureerde onderhoudskedules gedien. Die navorser se fokus op die persoon se proses was uit 'n gestaltperspektief. Verder is aandag gegee aan loopbaanontwikkeling met spesifieke aandag aan die teorie van Donald Super;
- Semi-gestruktureerde onderhoude is gevoer. Basiese individuele onderhoude is gevoer waarin die respondent sy of haar eie opinie gee (Babbie & Mouton, 2006:289). Hierdie onderhoude is vloeiend, buigbaar en herhalend (Rubin & Rubin in Babbie & Mouton 2006:289). Die navorser, in die konteks van hierdie

studie, fokus op hoe respondente retrospektief besluit het om 'n loopbaankeuse te maak met inagname van die persoon se proses;

- 'n Beskrywing van resultate in verslagvorm word weergegee. Volgens Babbie en Mouton (2006:565) is dit inherent aan verkennende studies dat resultate tentatief en onvolledig sal wees maar wys daarop dat tekortkominge van die betrokke studie uitgewys moet word. Babbie en Mouton (2006:568) beveel aan dat die leser van genoegsame inligting voorsien word om tot 'n ander slotsom te kom as die van die navorser.

Vanuit bogenoemde doelwitte het patrone gekristalliseer wat aanleiding gegee het tot verdere studie, uitbreiding van teorie en bevestiging van bestaande teorie.

3 NAVORSINGSBENADERING

3.1 Kwalitatiewe navorsingsbenadering

In Babbie en Mouton (2006:53) word die doel van kwalitatiewe navorsing gedefinieer as die beskrywing en verstaan van menslike gedrag eerder as voorspelling en verduideliking. Fouché en Delpont (2005:74) beweer die kwalitatiewe benadering “ ... in its broadest sense refers to research that elicits participant accounts of meaning, experience or perceptions”. Namate kennis opgedoen word kan die navorsingsvraag se fokus skuif en data-insameling in ooreenstemming aangepas word (Fortune & Reid in Fouché & Delpont, 2005:74). Hierdie studie volg die kwalitatiewe navorsingsbenadering en studente se gedrag word beskryf in die konteks van beroepskeuse om so tot beter insig te kom oor besluitnemingsprosesse (Babbie & Mouton, 2006:53). Die fokus is op die betekenis wat studente aan hulle eie proses heg en hulle ondervinding en persepsie daarvan (Fouché & Delpont, 2005:74). Die navorser steun op beide definisies soos uiteengesit in Fouché en Delpont (2005:74) en Babbie en Mouton (2006:53) en gebruik respondente se weergawes van betekenis en ervaring om insig te kry oor respondente se proses en besluitnemingsprosesse.

Die navorser maak gebruik van die gevallestudie as navorsingsstrategie en voer semi-gestruktureerde onderhoude wat op videoband opgeneem word om data in te samel, om sodoende indiepte-data te verkry van die manier waarop UNISA-studente hulle persoonlike wêreld konstrueer ten opsigte van besluitneming en beroepskeuse.

3.2 Soort navorsing

Toegepaste navorsing is die wetenskaplike beplanning om verandering te weeg te bring in 'n problematiese situasie (Fouché & De Vos, 2005:105). In hierdie studie word die toegepaste benadering gebruik. Daar word ondersoek ingestel na die problematiek rondom die miskennings van die gebruik van die student se prosesse in besluitneming en hoe dit opgelos kan word. Terugvoer word op toegepaste wyse aan die respondent binne die praktyk gegee. Die navorsingstuk steun nie op suiwer empiriese navorsing nie en voldoen gevolglik nie aan basiese navorsingsvereistes nie (Fouché & De Vos, 2005:105).

Verkennde navorsing word gebruik om insig te verkry in situasies, fenomene, 'n gemeenskap of individue. Die behoefte vir so 'n studie kan wees weens gebrekkige kennis in verband met die gekose onderwerp of om meer vertrouwd te word met 'n situasie ten einde probleemformulering te bewerkstellig of die ontwikkeling van hipoteses (Fouché & De Vos, 2005:106). Beskrywende navorsing (Neuman in Fouché en De Vos, 2005:106) is navorsing wat 'n prent voorstel van spesifieke besonderhede in 'n situasie, sosiale omgewing of verhouding en fokus op "hoe"- en "waarom"-vrae (Babbie & Mouton 2006:80-81).

Beide verkennde en beskrywende navorsing is in hierdie studie gebruik. Hierdie navorsing was daarop gerig om insig te verkry in die besluitneming en prosesse van studente van UNISA se BVLAO-tak in Johannesburg. Die studente se prosesse en manier van besluitneming is verken om beter insig daarvoor te bekom en beskrywing is

daarvan gegee. Die uitkomst van die verkennende navorsing word in verslagvorm beskryf.

3.3 Navorsingstrategie

Die navorsingstrategie wat gevolg is, is die gevallestudie. Volgens Cresswell (in Fouché, 2005:272; Knight, 2002:125) kan 'n gevallestudie beskou word as 'n ondersoek of indiepte-ontleding van 'n gebinde sisteem in tyd of plek. Die geval wat bestudeer word kan verwys na 'n proses, aktiwiteit, gebeurtenis, program, individu of meer as een individu (Fouché, 2005:272; Babbie & Mouton, 2006:281). Stake (in Fouché, 2005:272) voer aan dat die enigste kriteria vir die gevallestudie as keuse, die geleentheid is om te leer. In hierdie studie het die navorser gehoop om meer insig te verkry in verband met die proses van die respondente en besluitnemingstrategie.

Mark (in Fouché 2005:272) onderskei tussen drie tipes gevallestudies naamlik:

- Intrinsieke gevallestudie;
- Instrumentele gevallestudie;
- Kollektiewe gevallestudie.

Die navorsing van hierdie studie het gevallestudies van studente gebruik en die produk is 'n indiepte-beskrywing daarvan (Babbie & Mouton, 2006:282). Verder het die navorser gebruik gemaak van die intrinsieke gevallestudie. Dié tipe gevallestudie volgens Fouché (2005:272) en Knight (2002:38) het ten doel om die fenomeen wat bestudeer word beter te verstaan in die populasie waarin dit bestudeer word. Vir die doel van hierdie studie is insig verkry in die rol van die respondente se proses in besluitneming vanuit hulle oogpunt. Die beskrywing van individuele gevalle het voorkeur geniet.

4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

4.1 Navorsingsprosedure en werkswyse

4.1.1 Afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

Volgens Arkava en Lane (in Strydom, 2005:193) word universum omskryf as alle potensiële proefpersone wat oor die eienskappe beskik waarin die navorser belangstel. Babbie en Mouton (2006:173) verwys na elemente as die eenheid waaroor informasie versamel word en is die basis van ontleding. Vir die doel van hierdie studie het die navorser gesteun op Arkava en Lane se definisie soos vervat in Strydom (2005:193) en verwys universum na alle studente wat aan Suid-Afrikaanse tersiêre instellings studeer. In 1997 het die totale registrasie van studente in Suid-Afrika 349 824 persone beloop, aldus Statistiek Suid-Afrika (2000:5.9).

Powers, Meenaghan en Toomey in Strydom (2005:194), definieer 'n populasie as 'n stel entiteite waarin alle meting van belang vir die praktisyn of navorser verteenwoordig word. Babbie en Mouton (2006:173) definieer 'n populasie as die teoreties gespesifiseerde versameling van elemente wat bestudeer word. Gauteng het 'n studentepopulasie van 196 113 studente waarvan UNISA die grootste studentepopulasie bedien (Burger, 2005/6:21). UNISA het volgens Statistiek Suid-Afrika (2000:1.9) 124 212 studente van alle bevolkingsgroepe gehad. Studente aan UNISA bestaan uit 52% mans en 48% dames aldus Statistiek Suid-Afrika (2000:5.10). Die populasie wat in hierdie studie gebruik is, was alle studente wat by UNISA, Gauteng provinsie, studeer.

Die steekproef is nie-waarskynlik en doelgerig omdat die navorser 'n populasie uitsoek waar spesifieke prosesse wat die navorser wil bestudeer, voorkom (Strydom & Delpont, 2005:328). Volgens Babbie en Mouton (2006:166) kan nie-waarskynlike steekproewe gebruik word met spesifieke verwysing na beskikbare respondente.

Doelgerigte steekproewe kan gebruik word op grond van die navorsers se oordeel en die doel van die studie (Babbie & Mouton, 2006:166). Verder kan die doelgerigte steekproef gebruik word indien 'n eienskap of proses waarin die navorsers belangstel, geïllustreer word (Strydom & Delpont, 2005:328). Vir die doeleindes van hierdie studie is die steekproef saamgestel uit vroulike studente, wat by UNISA ingeskryf is in Gauteng en wat gebruik maak van die Buro vir Voorligting, Loopbaan en Akademiese Ontwikkeling (BVLAO) te Kerkstraat, Johannesburg.

4.1.2 Literatuur

Volgens Delpont en Fouché (2005:265) en Babbie en Mouton (2006:282) kan teorie gebruik word om op 'n verduidelikende wyse as gids te dien in 'n studie. Die navorsers steun hierdie siening in verband met literatuuroorlog en -teorie in 'n gevallestudie. Teorieë waarop gefokus is, is afkomstig uit die Sielkunde in die breë. Bronne waarop gesteun is, is die internet, boeke, tydskrifartikels en koerante.

Daar word op Donald Super se teorie (soos vervat in Rounds & Armstrong, 2005:312 en Super & Bohn, 1970) gefokus. Hierdie teorie is empiries gestaaf en sluit klas, geslag en etnisiteit in. Hierdie teorie is egter nie uitsluitlik gebruik nie.

Die Suid-Afrikaanse historiese konteks is ook bestudeer om rigting te gee waar dit historiese aanwending van meetinstrumente (psigometriese toetse) aangaan ten einde 'n beroepskeuse te maak. Dit was egter vir die navorsers belangrik om die subjektiewe ervaring van die manier waarop studente besluite neem, te gebruik in die studie en daarom is daar nie op psigometriese toetse gesteun nie.

Gestaltteorie is bestudeer met spesifieke verwysing na die proses van die persoon en hoe proses gekonstrueer word. Die bestudering van bogenoemde literatuur het as teoretiese raamwerk gedien vir die opstel van die semi-gestruktureerde onderhoudskedules.

4.1.3 Metode van data-insameling

Die navorser het gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude om data te genereer. Hierdie tipe onderhoud word volgens Greeff (2005:292) gedefinieer as onderhoude wat om sekere areas van belangstelling georganiseer word, terwyl aansienlike buigbaarheid in die gebied van belangstelling en diepte toegelaat word. Semi-gestruktureerde onderhoude is volgens Greeff (2005:296) ideaal waar die navorser belangstel in die kompleksiteit van proses of as 'n saak kontroversieel of persoonlik is.

Die navorser het ten doel gehad om oopende vrae te stel om die opinie van die respondente te kry in verband met hulle proses en besluitneming. Die onderhoude is op videoband opgeneem vir latere ontleding. Veldnotas en observering is ook gebruik om beter insig en betrokkenheid te verkry van die respondente in die onderhoude (Strydom, 2005:281-282). Onderhoude het van aangesig tot aangesig in afsondering geskied, in 'n kantoor voorsien deur die BVLAO.

4.1.4 Metode van data-ontleding

Babbie en Mouton (2006:490) voer aan dat daar nie 'n suiwer benadering tot kwalitatiewe data-ontleding is nie en sien data-ontleding as alle vorme van ontleding van data wat deur middel van kwalitatiewe tegnieke ingewin is. Volgens Patton (in De Vos, 2005:334) moet data-ontleders hulle prosedure monitor en rapporteer.

Creswell (in De Vos, 2005:334) sien data-ontleding as 'n spiraal. Die ontleder beweeg in 'n sirkel: In hierdie studie het die sirkel begin met, eerstens video-opnames waarna oorgegaan is na die beskrywing van die materiaal as produk.

De Vos (2005:334) kombineer Creswell se spirale en Marshall en Rossman se proses. Sy stel dit in 'n liniêre vorm waar die stappe as 'n spiraal beweeg. Van hierdie stappe oorvleuel egter. Die navorser het van hierdie stappe gebruik as metode van data-ontleding soos hieronder uiteengesit.

4.1.4.1 Data-insameling en voorlopige ontleding

In die kwalitatiewe benadering word data-insameling en –ontleding nie geskei nie (De Vos, 2005:335). Die aanname word gemaak in De Vos (2005:335) dat die mens as instrument oor die vermoë beskik om aanhoudend die proses te verfyn om die rykste data weer te gee. Volgens voorafgaande outeur word data dus konstant hersien. Sodoende word nuwe data geskep wat onderwerp word aan nuwe ontleding wat 'n ryk bron is vir die generering van nuwe hipoteses en die skep van 'n gedeelde konstruksie van realiteit. Selfs wanneer die skryfproses onderweg is, mag daar leemtes blootgelê word wat die navorser noop om dit met die respondent op te volg (De Vos, 2005:335-36).

Vir die doel van hierdie studie het die navorser die data op die perseel van die BVLAO ontleed deur te kyk of alles in orde is ten opsigte van bruikbaarheid van video-opnames asook eerste indrukke van die navorser oor die respondent. Die produk is ook met kleur gekodeer met betrekking tot alle inligting van daardie respondent en die kleurkode is bevestig met die innamevorm van die persoon waarmee die onderhoud gevoer is. Elke respondent het dus 'n unieke kleurkode. Daarna is lêers geopen om data te kontroleer en te berg. Eerste indrukke is ook neer geskryf en later met verwerking bevestig en verfyn.

4.1.4.2 Organisering van die data

Patton (in De Vos 2005:337) stel voor dat daar begin word met 'n lys van dit wat die navorser het. Dit behels 'n opsomming van wat reeds gedoen is en wat moontlik mag ontbreek soos onvolledige notas, leemtes in data en kleurkodes. Transkribering van die data vind ook nou plaas. Transkribering skep geleentheid vir insig en verdieping in die informasie wat in die data voorkom.

Patton beveel ook aan dat daar 'n meesterkopie van al die data gemaak word en dat dit veilig bewaar word. Die meesterkopie mag nie aan gepeuter word nie en Patton stel voor dat daar eerder op verskeie, tot en met drie kopieë, veranderings aangebring word. Die navorser het gesteun op bogenoemde manier vir die doel van data organisering.

4.1.4.3 Kodering van data

Volgens Marshall en Rossman in De Vos (2005:338) is kodering van data die formele voorstelling van analitiese denke. Die kodes kan verskeie vorme aanneem soos byvoorbeeld afkortings van sleutelwoorde, gekleurde merkers en nommers. Die gekose manier of skema het verander met verloop van ontleding. Die navorser het tydens kodering die data opnuut verstaan en het tot nuwe insigte gekom wat 'n impak gehad het op die oorspronklike plan. Tydens die verfyning het temas weggeval en ander temas het uitgekristalliseer.

4.1.4.4 Genereer kategorieë, temas en patrone

In hierdie studie behels ontleding die notering van reëlmatigheid in die mense wat gekies is vir hierdie studie soos vervat in De Vos (2005:338). Met die ontwikkeling van kategorieë soek die navorser na interne samelope en eksterne uiteenlope. Die

kategorieë moet dus intern konstant wees maar afsonderlik van mekaar. Die soeke is na die identifisering van samelopende, gegronde kategorieë wat die bedoeling wat gedeel word deur deelnemers, weerspieël.

Klassifikasie behels die identifisering van om en by vyf of ses algemene temas (De Vos, 2005:338). Die proses behels dus die skeiding van data na 'n kleiner hanteerbare stel temas om in 'n finale narratief saam te vat.

Die navorser staan nou terug en vorm breë opinies van die situasie (Marshall & Rossman, soos vervat in De Vos, 2005:337-338). Vir die doel van hierdie studie het die navorser gepoog om naastenby drie temas vir verdere ondersoek te identifiseer. Hierdie temas is vanuit die teoretiese raamwerk geïdentifiseer en is gebruik met die opstel van die semi-gestruktureerde onderhoudskedules.

4.1.4.5 Toets die ontvouende begrippe en soek alternatiewe verduidelikings

Die navorser toets die begrip, soek vir negatiewe gevalle van patrone en voeg dit in groter konstrakte soos nodig. Deel van hierdie fase is om data se bruikbaarheid en middelpunt te evalueer. Data moet dus die vraag wat ondersoek word ophelder en die data moet sentraal staan ten opsigte van dit wat ontvou rondom die fenomeen (De Vos, 2005:338-339).

Kategorieë en patrone in die data moet krities bevraagteken word. Navorsers moet na alternatiewe, aanneemlike verduidelikings soek vir skakels tussen data. Daar bestaan altyd alternatiewe moontlikhede wat geïdentifiseer en beskryf moet word. Dit moet ook verduidelik word: Waarom is die verduideliking wat voorgehou word die aanneemlikste? (Marshall & Rossman soos vervat in De Vos, 2005:339). Die navorser het verseker dat die data wetenskaplik gestaaf kan word ten opsigte van die temas wat in hierdie studie geïdentifiseer is en dat die temas sentraal staan tot die navorsingsvraag.

4.1.4.6 Skryf die verslag

In die finale fase van die spiraal word die data voorgelê. Volgens Marshall en Rossman (in De Vos, 2005:339) kan die skryf van kwalitatiewe data nie geskei word van die analitiese proses nie. In die geval van 'n verhandeling van beperkte omvang word die data weergegee in die hoofstukke wat ingesluit word in die finale dokument.

5. VERTROUENSWAARDIGHEID VAN STUDIE

5.1 Geloofwaardigheid

In Babbie en Mouton (2006:276) moet 'n studie geloofwaardig wees voordat 'n studie oordraagbaar kan wees. Voorafgaande outeurs stel dit as volg: "The basic issue of trustworthiness is simple: How can an inquirer persuade his or her audience that the findings of an inquiry are worth paying attention to or worth taking account of?" Oordraagbaarheid in hierdie studie is volgens die navorser bewerkstellig deur geloofwaardigheid te verseker deur :

- onderhoude te voer totdat versadiging voorkom;
- te strewe na verskeie maniere van interpretasie, proses van konstante en tentatiewe ontleding en deur uit te kyk vir verskeie invloede;
- verskillende metodes, bronne en vrae te gebruik;
- video-opnames te gebruik;
- terug te gaan na die bron van die inligting en die data en interpretasie te bevestig (Babbie & Mouton, 2006:277).

5.2 Oordraagbaarheid

Lincoln en Guba (in De Vos, 2005:346) stel voor dat oordraagbaarheid die alternatief is vir eksterne geldigheid of veralgemeenbaarheid. Babbie en Mouton (2006:277) verwys na oordraagbaarheid as: ". . . the extend to which the findings can be applied in other context or with other respondents". Volgens Babbie en Mouton (2006:277) rus die onus om oordraagbaarheid te demonstreer op die leser van die studie, met ander woorde ander persone wat die bevindinge wil aanwend.

Oordraagbaarheid in hierdie studie steun dus op die deeglike beskrywing van die proses en besluitneming van hierdie studie (soos bespreek in paragraaf 5.1 van hierdie hoofstuk) ten opsigte van video-opnames van respondente, terugvoer van die respondent, en die onderliggende teorie soos die rakende gestalt en Super.

5.3 Betroubaarheid

Volgens Babbie en Mouton (2006:278) moet 'n ondersoek bewys lewer dat indien die navorsing herhaal sou word met dieselfde of soortgelyke respondente in dieselfde konteks die bevindinge ook dieselfde sal wees. Guba en Lincoln (in Babbie & Mouton, 2006:278) stel voor dat 'n ondersoekende audit gedoen word na die produk, databevindinge, interpretasie en aanbevelings. Die persoon wat die audit doen, met verwysing na aanvaarding van die navorsingsprosedure en uitkoms, bevestig dus betroubaarheid.

In hierdie studie het die navorser vir die doel van betroubaarheid, op die uiteensetting (in Babbie & Mouton, 2001:278) gesteun. Die betroubaarheid van die studie word bereik deur die versadigingseffek. Respondente is aan dieselfde onderhoudskedules blootgestel, totdat inligting herhaal het en geen nuwe inligting verkry is nie.

6 ETIESE ASPEKTE

Babbie en Mouton (2006:520) voer aan met verwysing na Webster New World Dictionary dat etiek gesien word as “[c]onforming to the standards of conduct of a given profession or group”.

Etiek volgens Strydom (2005:57), is ” ... a set of moral principles which is suggested by an individual or group, is subsequently widely accepted, and which offers rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students”. Strydom (2005:57) sê ook verder dat “[e]thical guidelines also serve as standards, and a basis upon which each researcher ought to evaluate his own conduct”.

Die navorser het in hierdie studie op Strydom se definisie (2005:57) gesteun. Die navorser is van mening dat hy sy eie optrede in gedagte hou in die uitvoering en hantering van die navorsing om die welstand van ander in die studie te bewaar en het dit ook so toegepas. Die navorser is verbind aan die etiese kode van die Raad van Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSBA).

6.1 Vrywillige deelname

Deelname aan onderhoude was vrywillig. Daar was geen sanksies vir studente wat nie aan die onderhoude deelgeneem het nie. Die navorser was nie by magte of in ’n posisie om berading te weerhou nie synde dat die Buro (BVLAO) ’n departement van UNISA uitmaak. Die navorser was nie by magte om dienslewering te weerhou nie en kon dit nie gebruik as ’n instrument om deelnemers te werf nie. Verder was daar geen aanbieding van voordeel (soos byvoorbeeld ekstra krediet) vir deelname aan die navorsing nie.

6.2 Leedaandoening

Geen leed aan deelnemers het plaasgevind nie deurdat die persoonlike inligting wat verlang is nie van so 'n aard was dat dit potensiële negatiewe uitwerking op sielkundige of fisiologiese vlakke van die respondente gehad het nie. Inteendeel, deur gebruik te maak van die gestaltilosofie was daar eerder positiewe verandering deurdat deelname meer insig in die self teweeg gebring het. Verskeie respondente het dan ook insig in hulle self en besluitneming verkry.

6.3 Anonimiteit en vertroulikheid

Elke onderhoud is op videoband opgeneem. Die band is 'n kleurkode gegee. Die kleurkode is op die videoband en op die toestemmingsvorm geplaas met die betrokke respondente se besonderhede. Net die navorser en supervisor het toegang tot beide. Die videoband is op rekenaar geplaas en die band is uitgewis. Die video op rekenaar is op 'n kompakskyf gesny waarvan daar net een meester was en een kopie waarvan daar gewerk is. Die kleurkode is oorgedra na die meester- en werkkopie van die kompakskywe.

Die onderhoude is vertroulik gehou en drie kopieë is gehou, naamlik die oorspronklike video-DVD, wat dien as meesterkopie, 'n weergawe op rekenaar en die DVD waarmee gewerk is. Daar is nie met die meesterkopie gewerk nie. Die tweede DVD is gebruik as rugsteun vir die kopie op rekenaar. Die rekenaar word net deur die navorser gebruik, is alleenstaande en is nie deurentyd aan die internet gekoppel nie.

6.4 Ingeligte toestemming

Die doel met ingeligte toestemming was dat die respondente beskerm word. Toestemming was vrywillig van aard.

Respondente is in Engels verwittig (mondelings en skriftelik) van die doel van die navorsing, wat dit behels en hulle betrokke rol daarin. Die inligting wat verskaf is, het die volgende behels:

- Doel van die navorsing;
- Identiteit van die navorser;
- Identiteit van ander betrokkenes;
- Hoekom hulle gekies is;
- Voordele en nadele van deelname;
- Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid;
- Toekomstige gebruik van die inligting verkry deur die onderhoud;
- Die reg om nie deel te neem nie en die reg om enige tyd te onttrek;
- Die reg tot addisionele hulp indien benodig deur deelnemer.

Toestemming is verkry by die studenteburo, Dr. A van Schoor wat die Direkteur is vir die Buro vir Voorligting, Loopbaan en Akademiese Ontwikkeling (BVLAO), asook Me. P. Nielson wat die senior studenteberader te Johannesburg is vir die BVLAO. Die toestemming van die Buro is addisioneel en maak nie toestemming wat deur die respondente gegee is, minder belangrik nie. Die navorser het gepoog om die BVLAO nie in 'n slegte lig te stel nie en daar is voorgestel dat onderhoude wat met respondente gevoer is (met die inhoud op videoband), op aanvraag deur Me. P. Nielson gesien kon word. Me. P. Nielson moes ook die anonimiteit en vertroulikheid van deelnemers verseker deur 'n verklaring tot die effek te teken.

7 DEFINISIE VAN HOOFKONSEPTE

Adolesensie: Volgens Wood, Wood en Boyd (2004:258) is laat adolesensie die ontwikkelingsfase wat by puberteit begin en die periode van die einde van kinderjare tot die begin van volwassenheid omsluit. Volgens Shefer (in Swartz, de la Rey & Duncan, 2004:74) verwys adolesensie na daardie fase van menslike ontwikkeling wat volg na middelkinderjare en wat dien as oorgang van kinderjare na volwassenheid. Die navorser het op hierdie definisie gesteun. Volgens die navorser maak hierdie definisie voorsiening vir die eksploreringsfase, soos uiteengesit in die teorie van Super, wat strek van die ouderdom 15 tot 24 (Wood, Wood & Boyd, 2004:268) deur nie die periode te omsluit soos in die geval van eersgenoemde definisie nie.

Proses: Volgens Joyce en Sills (2006:155) word proses gesien as: " ... the manifestation of a person's unspoken inner world. In the way she moves or holds back, the client is enacting her feelings, needs, creative adjustment and beliefs". Oaklander (in Blom 2004:50) sien proses as: "who they are, what they feel, what they like and do not like, what they need, what they want, what they do and how they do it". Beide definisies was relevant vir hierdie studie. Die navorser sien proses as die manier waarop 'n persoon uiting gee aan wie hy of sy is met ander woorde hulle verwerkingstyl.

Besluitneming: Beroepsbesluitneming volgens Swanson en D'Achiardi (2005:360) word gesien as: "the process by which individuals make career and educational decisions". Besluitneming volgens Wood *et al.* (2004:202) is die proses om alternatiewe te oorweeg en tussen hulle te kies. Vir die doeleindes van hierdie studie is besluitneming gesien as 'n beslissing wat die persoon maak waartydens alternatiewe oorweeg is en 'n besluit geneem word in verband met vakkeuses en 'n beroep.

Tersiêre vlak: In die Kernwoordeboek (2000) word tertiêr gedefinieer as: "As iets tertiêr is, is dit derde in ry, reeks, veral gebruik in die uitdrukking, tertiêre onderwys, onderwys na die hoër skool". Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (2000) word tertiêr gedefinieer as "Derde in (belangrikheid, waarde in) rangorde, 'n reeks" en "na matriek". Vir die doel van hierdie studie beperk die navorser 'tersiêre vlak' tot universiteitstudente, ongeag die vlak op universiteit.

8 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

In hoofstuk 1 word die agtergrond van die studie bespreek. In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetodologie uiteengesit en bespreek. Die navorsingstrategie word gedefinieer en uiteengesit en die probleem en rasionaal vir die studie word gestel. Die navorsingsbenadering, etiese aspekte, definisies van hoofkonsepte, inleiding van die navorsingsverslag en die begroting word ook bespreek.

In hoofstuk 2 word teorie wat verband hou met die navorsingsonderwerp bespreek en voorgehou as konseptuele raamwerk. Daar word aandag gegee aan die teorie van Donald Super en ander teorieë wat relevant kan wees vir die navorsing. Gestaltteorie en ook die historiese konteks van psigometrie in verband met besluitneming word bespreek.

Hoofstuk 3 is die empiriese hoofstuk waarin die data uit semi-gestruktureerde onderhoude verwerk word ten einde sin te maak van data.

Hoofstuk 4 is die literatuurkontrole. Daar word gekyk na teorieë in verband met beroepsontwikkeling. Die teorieë van Super en Gestalt was die primêre literatuurkontrole.

Hoofstuk 5 behels 'n samevatting van die studie en aanbevelings. Die gevolgtrekking bind die hoofstukke as 'n koherente eenheid saam.

9 OPSOMMING

Hierdie hoofstuk het ten doel om die leser te oriënteer ten opsigte van die rol van die gestaltproses in besluitneming oor loopbaankeuse in laat adolessensie. Die navorser het begin deur daarop te wys dat besluitneming 'n belangrike komponent in alledaagse lewe is en dat dit 'n groot invloed het op huidige en toekomstige lewensoriëntering. Verder het die navorser ook daarop gewys dat die persoon se proses en hoe proses aangewend word, net so 'n groot impak op lewensoriëntering het.

Die probleem en rasionaal vir die studie is bespreek met verwysing na beroepsontwikkeling en proses in die paragrafe oor die motivering vir die keuse van hierdie onderwerp, die probleemformulering, navorsingsvraag vir die studie en die doel en doelwitte.

Die navorsingsbenadering is bespreek met verwysing na literatuur en eie definisies in die paragrafe oor kwalitatiewe navorsing, soort navorsing en die navorsingstrategie. Geloofwaardigheid, oordraagbaarheid en betroubaarheid is bespreek as aspekte van die wetenskaplikheid van die studie.

Waar dit die navorsingsmetodologie aangaan, het die navorser die prosedure en werkswyse wat gevolg is, uiteengesit. Verder is die steekproef afgebaken en bespreek asook die metode van steekproefneming. Literatuur wat die navorsing in konteks plaas, die metode van data-insameling en –ontleding is ook behandel.

Hierna het die navorser etiek bespreek met verwysing na definisies van etiek en hoe die navorser etiek sien en toepas. Ter afsluiting van hierdie hoofstuk het die navorser

aandag gegee aan die definiëring van hoofkonsepte en die indeling van die navorsingsverslag.

In die teoretiese hoofstuk wat hierop volg word aandag gegee aan beroepsontwikkelingsteorie, die gestaltteorie en psigometriese meting soos dit in Suid-Afrika ontwikkel en gebruik word as konseptuele raamwerk.

HOOFSTUK 2: TEORETIESE ORIËTERING

1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gefokus op die herkoms van psigometriese meting in Suid-Afrika asook ontwikkelingsteorie (Savickas & Walsh, 1996:19; Seligman, 1994:7) in verband met die keuse van beroepe. Psigometriese meting, volgens die navorser, behoort deel wees van 'n holistiese benadering om beroepskeuses te maak. Holisme volgens Savickas (2005:43) behels persoonlike sowel as sosiale konstruksie waar realiteit 'n voorstelling is wat geskep word deur die persoon. Volgens Worthington, Flores en Navaro (2005:233) word psigometriese meting as 'n kritiese komponent gesien waar dit beroepsberading aangaan. Psigometriese meting, ten opsigte van die keuse van 'n beroep, is egter problematies in die Suid-Afrikaanse konteks weens, onder andere, historiese misbruik van psigometriese toetse (Foxcroft, Roodt & Abrahams, 2001:27). As voorbeeld word genoem dat meting van intellektuele vermoë in navorsing gebruik is om te toon dat een groep mense, waar dit intellek en ras aangaan, beter daaraan toe is as ander (Foxcroft *et al.*, 2001:22). Worthington *et al.*, (2005:233) het onder andere kultuur, ras en psigometriese instrumente afkomstig van Europese en Amerikaanse herkoms geïdentifiseer as problematies. In hierdie studie is die subjektiewe ervaring van die respondente van belang om so insig te kry in die rol van die proses vanuit die gestaltperspektief in besluitneming oor loopbaankeuse in laat adolessensie.

2 VROEË PSIGOMETRIESE ONTWIKKELING IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

Psigometrie in Suid-Afrika is afkomstig van kolonialisme (Claassen soos vervat in Foxcroft *et al.*, 2001:22). Die ontwikkeling en gebruik van psigometriese instrumente in Suid-Afrika het geskied teen die agtergrond van ongelyke toegang tot hulpbronne, (Foxcroft *et al.*, 2001:22) soos dat sekere werke gereserveer was vir sekere bevolkingsgroepe (Foxcroft *et al.*, 2001:24; Kallaway, 2002:113).

Vroeë psigometriese instrumentontwikkeling, en die gebruik daarvan, het gepaard gegaan met sekere tendense in psigometriese evaluering:

- Die fokus was op blankes waar dit die standaardisering van psigometriese meetinstrumente aangaan;
- Die misbruik van evaluasie ten opsigte van die rassevraagstuk sonder dat daar na sydigheid gekyk word;
- Die misbruik van evaluasie om ongegronde gevolgtrekkings te maak deur nie aspekte soos kultuur in ag te neem nie (Foxcroft *et al.*, 2001:23; Kanjee, 2002: 288-289).

Meer psigometriese instrumente is ontwikkel vir die blanke bevolking as ander bevolkingsgroepe in die periode tussen 1960 en 1984 (Foxcroft *et al.*, 2001:25). Dit is ook deels weens verskansing deur wetgewing waar dit vaardigheid vir sekere werke aangaan (Cooper, Andrew, Grossman & Vally, 2002:113). Verder is psigometriese toetse ontwikkel in lyn met kultuur, siende dat daar nie behoefte was aan algemene psigometriese toetsing nie, aangesien verskillende kulturele groepe nie met mekaar gekompeteer het waar dit werkseleenthede aangaan nie (Foxcroft *et al.*, 2001:25; Kallaway, 2002:113). Na die afskaffing van apartheid het almal gekompeteer vir voorheen selektiewe werk wat tot gevolg gehad het dat verskillende psigometriese meetinstrumente gebruik is om mense te meet vir dieselfde werk (Foxcroft *et al.*, 2001:25). Vrae het uit bogenoemde ontstaan, soos hoe verskillende psigometriese meetinstrumente se tellings met mekaar vergelyk kan word en hoe mense aangestel word as verskillende psigometriese meetinstrumente gebruik word? Twee benaderings het die probleem probeer oplos:

- Die ontwikkeling van psigometriese instrumente en norme vir verskeie rasse sodat toetsverrigting, dit wil sê toetsuitslae, in verhouding tot 'n geskikte normgroep geïnterpreteer word;

- Die gebruik van psigometriese meetinstrumente op alle rasse, of dit ingevoer is of nie. Die resultate word met omsigtigheid geïnterpreteer (Foxcroft *et al.*, 2001:25).

Die voorafgaande twee benaderings het egter veroorsaak dat min navorsing gedoen is in verband met die gepastheid van psigometriese meetinstrumente in 'n multikulturele land (Foxcroft *et al.*, 2001:25). Daar is 'n duidelike impak weens taal- en kultuurkomponente van meetinstrumente op toetsuitslae (Cohen & Swerdlik, 2005:38). Die eerste deeglike studie van sydigheid is eers in 1986 gedoen. Die studie deur Owen (in Foxcroft *et al.*, 2001:26) het beduidende verskille gevind in toetstellings van verskillende rasse. Ander studies (Claasen, 1997; Foxcroft, 1997b) aangedui deur Foxcroft *et al.*, (2001:26) toon ook dat sydigheid in ander psigometriese meetinstrumente van vaardigheid en persoonlikheid bestaan. Weens psigometriese meetinstrumente se sydigheid en die probleemareas hierbo uitgewys, was die gevolg dat groot dele van die populasie psigometriese meting verwerp het (Foxcroft *et al.*, 2001:26).

Teenkanting teen die gebruik van psigometriese meetinstrumente het onder die nuwe regering na 1994 voortgeduur. Die Grondwet van Suid-Afrika (Wet No. 108 van 1996) en die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet No. 66 van 1995) het hierdie probleem van wanaanwending aangepak. Hiervolgens het die werkersunies en individue die steun van wetgewing teen diskriminasie in die werksomgewing en gelyke regte aan werkgewers verkry (Foxcroft *et al.*, 2001:27). In die metingsarena reël die Wet op Gelyke Indiensneming (Wet No.55 van 1998) spesifiek die aanwending van psigometriese meting en evaluering. Dit verhoed psigometriese meting en ander soortgelyke maniere van meting of evaluering van 'n werknemer, behalwe as die psigometriese meetinstrument wat gebruik word:

- wetenskaplik bewys kan lewer dat dit geldig en betroubaar is;
- se aanwending regverdig is ten opsigte van alle werknemers;

- nie sydig is teenoor enige groep of werknemer nie.
(Foxcroft *et al.*, 2001:28).

Die implikasie hiervan is dat toetse wat ingevoer is, voor gebruik daarvan, moet toon dat dit nie sydig is nie en vir kruis-kulturele geldigheid moet kompenseer (Foxcroft *et al.*, 2001:28). Tot op hede is navorsing in multikulturele meting gebrekkig in toonaangewende lande soos Amerika (Dana, 2005: 50, 55-56).

Vanuit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die geskiedenis en huidige gebruik van psigometrie problematies is in Suid-Afrika. Gottfredson (2005:95) voer aan dat alhoewel psigometriese instrumente effektief is, dit nie die enigste manier is om adolessente van hulle selfkonsep en vermoëns bewus te maak nie en dat adolessente verantwoordelikheid het, en oor die vermoë beskik, om hulle ontwikkeling te stuur ten opsigte van wie hulle is en watter vorm hulle aanneem. Ter aansluiting voer Yontef (1993:161) aan dat geen statistiese benadering aandui wat vir 'n persoon werk of nie, juis omdat individue uniek en dinamies is. Yontef (1993:161) wys verder daarop dat gestaltheorie "sacrificed exact verification for the value in ideographic experimental psychotherapy".

Dit moet beklemtoon word dat meetinstrumente volgens Super saam met berading die aangewese manier is om die maksimale voordeel te verkry in die maak van 'n beroepskeuse (Seligman, 1994:64). Daar behoort op gelet te word dat toetse nie al die antwoorde kan voorsien nie (Bedell, Van Eden & Van Staden, 1999:1-7), ongeag die geregtigheid van die konstruksieproses.

Daar word vir die doeleindes van hierdie studie, as alternatief vir psigometriese meting, op die teorie van Donald Super en gestaltheorie gefokus om insig te verkry oor 'n persoon se proses uit 'n gestaltperspektief en die interaksie van proses en omgewingsinvloede verbonde aan beroepskeuse. Motivering hiervoor is dat huidige teorieë van beroepe, waarvan meetinstrumente deel uitmaak, nie fokus op hoe mense

hulle beroepskeuse kan uitleef in 'n raamwerk wat deur die self bepaal is nie, maar dat die fokus eerder op, en in reaksie op, ekonomiese aanvraag is (Arthur in Gothard, Mignot, Offer & Ruff, 2001:135). Gevolglik vind beroepsaanpassing plaas om so uitdrukking te gee en sin te maak van persoonlike betekenis. Volgens Yontef (1993:33) geskied groei deur interaksie met ander en nie deur introspeksie nie.

3 GESTALTTEORIE EN DIE TEORIE VAN SUPER

3.1 Teorie van Donald Super

Die teorie van Super is empiries gestaaf en is ontwikkel oor 'n periode van 60 jaar. Hierdie teorie word gedefinieer as: "A loosely unified set of theories dealing with specific aspects of career development, taken from developmental, differential, social, personality and phenomenological psychology and held together by self concept and learning theory" (Savickas & Walsh, 1996:19).

Hierdie differensiële, sosiale, fenomenologiese en ontwikkelingsielkundige benadering (Savickas & Walsh, 1996:19; Isaacson & Brown, 1997:28) van Super sien beroepsontwikkeling as 'n reeks spesifieke beroepstake wat vervul moet word in voorspelbare, gedefinieerde opeenvolging (Rojewski, 2005:136; Super & Bohn, 1970:134). Die stadia wat volgens Super deurgewerk word is die groei-, eksplorering-, vestiging-, instandhouding- en losmaakfases (Rojewski, 2005:136; Super & Bohn, 1970:136-137; Nel, 1996:360). Gothard *et al.* (2001:19) sien hierdie fases waardeur gewerk word, as die ontwikkeling van die selfkonsep wat oorgedra word as die self.

Super het veertien gevolgtrekkings voorgedoen as leidende faktore binne sy gesegmenteerde teorie (Jepsen, 1996:137; Isaacson & Brown, 1997:28-35):

- Mense verskil in hulle vermoë, persoonlikheid, behoeftes, waardes, belangstellings, karakter en selfkonsep. Hiervolgens is almal dieselfde deur die

bogenoemde eienskappe te hê, maar ook uniek deur individuele kombinasies van sterk- en swakpunte;

- Deur unieke kombinasies beskik die persoon oor die vermoë om verskeie beroepe te beoefen;
- Elke beroep steun op 'n kenmerkende patroon van vermoë en karaktereienskappe met genoeg speling vir die beoefening van verskeie werke in daardie beroep en ook vir die individue en verskeidenheid van individue in 'n beroep. Daar is dus verskeie beroepe waar 'n persoon bevredigend kan funksioneer net soos daar verskeie patrone van vermoëns toegelaat word vir bevrediging van sekere vereistes in 'n beroep;
- Die selfkonsep verander oor tyd en met ondervinding en keuse en aanpassing is 'n aanhoudende proses (Gothard *et al.*, 2001:16). Gothard *et al.* (2001:16) wys egter daarop dat die selfkonsep oor die algemeen redelik stabiel is vanaf laat adolessensie tot laat volwassenheid. Super beklemtoon dat die definisie van die selfkonsep breed genoeg moet wees om die geïnternaliseerde persepsie van self en ook die individu se siening van die situasie of toestand waarin die persoon bestaan, geakkommodeer word. Hy wys verder daarop dat 'selfkonstruk' die self beter beskryf as 'selfkonsep', omdat 'n konstruk meer omvattend is as 'n konsep;
- Die proses van verandering word opgesom in lewensfasies van groei-, eksplorerings-, vestigings- en instandhouding- en losmaakfasies. Die eksploreringsfase word verder in sub-fases verdeel naamlik fantasie, tentatiewe en realistiese fases (Gothard *et al.* 2001:16; Nel 1996: 360). Die vestigingsfase word ook onderverdeel in 'n proef- en stabiele fase. Mini-siklusse vind plaas binne die eksplorerings- en vestigingsfasies. Die mini-siklusse word onder andere veroorsaak deur wanbalans in behoeftebevrediging, siekte en sosio-ekonomiese faktore. Die wanbalans veroorsaak groei, hereksaminering en hervestiging in beroep (Gothard *et al.*, 2001:16);
- Die karakter van 'n beroepspatroon, naamlik geleerdheid behaal, frekwensie en duur van stabiele werk, word bepaal deur die individu se ouerlike en sosio-

ekonomiese vlak, verstandelike vermoë, opvoeding, karaktereienskappe, beroepsvolwassenheid en die geleentheid waaraan hy of sy blootgestel word. Alle ondervinding en agtergrond dra by tot die houding en gedrag geopenbaar deur die adolessent waarvan ouers, familie en vriende die prominente figure is waar dit eerste kontak met die wêreld van werk aangaan;

- Beroepsvolwassenheid is 'n konstellasie van fisiese, sielkundige (kognisie sowel affek) en sosiale kenmerke is. Suksesvolle hantering van eise, in die konteks van 'n gegewe lewensberoep stadium, is afhanklik van die organisme se vermoë om aan die vereistes van die omgewing te voldoen (Gothard *et al.*, 2001:16);
- Beroepsvolwassenheid is 'n hipotetiese konstruk. Volgens Super is die formulering van die operasionele definisie van beroepsvolwassenheid net so moeilik soos die formulering van die operasionele definisie van intelligensie;
- Ontwikkeling kan deur verskeie lewenstadia gestuur word deur fasilitering van die proses van volwassewording en belangstelling, deur realiteitstoetsing en in die ontwikkeling van die selfkonsep (Gothard *et al.*, 2001:16);
- Die proses van beroepsontwikkeling is in wese die ontwikkeling en implementering van die beroepsselfkonsep. Die selfkonsep is die produk van interaksie van aangebore aanleg, fisiese bou, geleentheid om verskeie rolle waar te neem en te speel, die evaluasie van die rolspel en die terugvoer vanaf portuur en andere soos vriende en ouers (Gothard *et al.*, 2001:16; Nel, 1996:359);
- Die proses van sintese of kompromie tussen individuele en sosiale faktore, selfkonsep en realiteit, word gefasiliteer deur rolspel en om te leer uit die terugvoer op die rolspel. Rolspel kan fantasie behels, berading of 'n werklike werk wat gedoen word. Rolspel versterk of vergroot die selfkonsep deurdat die rolspel help om 'n kompromie te bewerk tussen die selfkonsep en werklikheid (Jepsen, 1996:141-142; Nel, 1996:366);

- Werk en lewentevredenheid is afhanklik van die individu se vermoë om uiting te gee aan vermoëns, belangstellings, persoonlike karaktertrekke en waardes (Gothard *et al.*, 2001:16; Nel, 1996:366);
- Die graad van werkstevredenheid is proporsioneel tot die graad waarin die persoon daarin slaag om sy selfkonsep te implementeer. Super stel voor dat die hoeveelheid tevredenheid wat uit 'n werk verkry word direk verband hou met die mate wat die werk die selfkonsep komplementeer (Nel, 1996:366-367);
- Werk en beroep gee fokus aan lewensoriëntering vir die meeste mans en vroue. Tradisies soos geslagstereotipes, modellering, rassydigheid, geleenthede en individuele verskille speel 'n belangrike rol as determinante van voorkeur ten opsigte van rolle soos werker, student, tuisteskepper en burger.

Vanuit 'n gestaltperspektief word die persoon se proses gesien as die manier waarop die persoon omgaan met sy of haar wêreld. Hiervolgens word gesê dat die geheel meer is as die som van die dele en word dit uitgebeeld as 'n skildery waarna 'n persoon kyk (Baron & Byrne, 2000:65). Die individu wat na die skildery kyk sien nie stukkie van die kunswerk of net kleur nie, maar sien die skildery as 'n geheel. Met ander woorde, dit is 'n toneel wat geskilder is en nie 'n versameling kleurskakerings nie. Gestaltsielkundiges stel voor dat alles oor 'n persoon geïnterpreteer en verstaan word in terme van die verhouding van daardie deel tot die ander dele of stimuli (Baron & Byrne, 2000:65). In gestaltteorie is daar 'n sterk en duidelike verband tussen persepsie en denke (Dominowski & Bourne, 1994:17). Denke is 'n stel verstandelike vermoëns wat gebruik maak van die persoon se verwerfde kennis om doelstellings te bereik en steun op basiese prosesse soos persepsie (fenomenologie), aandag (gewaarwording) en geheue (selfregulering) (Kellogg, 2003:355). Dus kan gesê word dat gedrag gerig word deur denke en dat denke buigbaarheid in gedrag toelaat. Volgens die navorser kan proses dus gesien word in die gemanifesteerde gedrag deur te kyk hoe 'n persoon reageer in sy of haar omgewing.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat selfkonsep 'n groot rol speel en word selfkonsep in die konteks van gestaltheorie en Super se teorie geplaas ten opsigte van hoe selfkonsep tot proses staan.

3.2 Selfkonsep

Die teorie van Super, gestalt en keuse van beroep steun sterk op die kennis van die self of selfkonsep vir aktualisering. Die selfkonsep, volgens Super, is die produk van die interaksie van oorgeërfde bekwaamheid, neurale en endokriene samestelling, rolspel en die evaluasie van die rolspel buite en binne dieselfde portuurgroep (Gothard *et al.*, 2001:16). 'n Kritiese begrip of denkbeeld in Super se teorie is dat 'n beroepskeuse wat gemaak word 'n uitdrukking is van die individu se selfkonsep (Gothard *et al.*, 2001:16; Nel, 1996:366-367). Hiervolgens word betekenis geskep deur die individu en sy of haar houding met betrekking tot die lewe (Mohamed-Patel, 2005:21). Gothard *et al.* (2001:136) wys daarop dat beroepe wat individue beoefen oor tyd heen voortdurend vervang word deur beroepe wat meer subjektiewe en persoonlike ervaring weerspieël en wat sinryk is vir die individu.

Yontef (1993:33) wys daarop dat die self gedefinieer word in terme van die interaksie tussen die persoon en die veld. Dus, die self en bewustheid van hoe self ervaar en uitgebeeld word, hou verband met die interaksie van die persoon met sy of haar omgewing en die konstante verandering van ondervinding (Mohamed-Patel, 2005:22). Super voer aan dat "with a changing self and changing situations, the matching process is never really completed" (Herr, Cramer & Niles, 2004:222). Die selfkonsep is dus subjektiewe verteenwoordigings van die self in die werklike relasionele bestaan in die wêreld. Vanuit 'n nie-liniêre oogpunt (universele interaksionisme) gesien, is die self sonder struktuur, sonder reëlmaat en sonder tyd (Yontef, 1993:373)

Gottfredson sien die selfkonsep as die huidige en toekomstige persepsie van die self (Gothard *et al.*, 2001:19). Die selfkonsep word nie altyd ten volle geartikuleer nie

omdat dit 'n verteenwoordiging is van die totaliteit van verskillende maniere van hoe die persoon hom- of haarself sien. Die selfkonsep ontwikkel volgens Gottfredson ook vroeg in die lewe en verteenwoordig 'n algemene ontwikkelingsproses met inagnome van die persoon se intelligensie (Gothard *et al.*, 2001:20). Vanuit 'n gestaltheoretiese perspektief is die ek-grens (Mohamed-Patel, 2005:31) die grens wat die interaksie van die individu definieer waar dit 'n wye verskeidenheid kontakgrense aangaan. Die ek-grens is nie onbuigsaam nie, omskryf waardes, idees, aksies en mense waarin die individu belangstel en bepaal onder andere lewenstyl, keuse van vriende en beroep (Mohamed-Patel 2005:31). Vervolgens word gekyk na adolessentontwikkeling, waar dit beroepe aangaan, en hoe adolessentontwikkeling verband hou met hulle proses.

3.3 Adolessensie

Die stadium van belang in hierdie studie, naamlik laat adolessensie, heet die eksploreringsfase en strek van ouderdomme vyftien tot om en by vier-en-twintig (Super & Bohn, 1970:136-138; Gothard *et al.*, 2001:16; Seligman, 1994:7-9). Volgens Super is kristallisatie die primêre beroepsontwikkelingstaak van hierdie eksploreringsfase en gewaarwording speel 'n groot rol in die kristalliseringsproses (Seligman, 1994:256). Kristallisatie in hierdie fase, volgens die navorser, stem ooreen met die beskrywing soos uiteengesit in die ontwikkelingsfase wat Gottfredson beskryf (Gothard *et al.*, 2001:21). Gottfredson se ontwikkelingsfase vir die tiener word beskryf as die oriëntering tot die interne unieke self. Volgens Gottfredson begin die fase vanaf die ouderdom 14 waar die adolessent 'n aanvaarbare sone van beroepskategorieë vestig, met ander woorde in hierdie stadium vestig die tiener 'n persoonlik identiteit met die fokus op meer spesifieke beroepe ter uitsluiting van ander beroepe. Hierdie fase gaan gepaard met meer onafhanklikheid van ouers, onsekerheid, meer kompleksiteit en integrasie waar dit die individu aangaan (Gothard *et al.*, 2001:21).

Gedurende die ouderdomme vyftien tot sewentien, volgens Super se teorie, maak die adolessente tentatiewe beroepskeuses en leef hulle dit uit in fantasie, besprekings en werk (Super & Bohn, 1970:136; Gothard *et al.*, 2001:16; Seligman 1994:7-9). Seligman (1994:256) wys daarop dat die ouderdomme vyftien en sestien die stadium is waar norme en waardes 'n beduidende rol speel ten einde 'n duideliker en meer akkurate selfkonsep te ontwikkel. Adolessente se fokus is op bewustheid van hulle eie norme en waardes en hulle bydrae tot die samelewing (Seligman, 1994:256). Teen die ouderdom van sewentien begin die tentatiewe fase waar die fokus skuif vanaf subjektiewe faktore na objektiewe faktore deurdat die adolessent minder belang stel in sy of haar norme en waardes as in die vorige fase en die fokus nou op die arbeidsmark en beroepsgeleenthede wat mag voorkom, gevestig word. Tentatiewe keuses word gemaak en word beoordeel en getoets op 'n meer sistematiese manier (Seligman, 1994:256).

Hierna volg 'n oorgangsperiode wat strek van agtien tot een-en-twintig waarin adolessente meer aandag gee aan die praktiese haalbaarheid van die beroepskeuse (Super & Bohn, 1970:136; Gothard *et al.*, 2001:16; Seligman, 1994:7-9). Volgens Seligman (1994:259) sukkel adolessente wat nie seker is van hulle eie identiteit nie met die keuse van 'n beroep omdat hulle nie hulle geskepte selfbeeld kan omsit in beroepskeuse nie. Die laaste deel van die fase is 'n proefperiode, wat strek van die ouderdomme een-en-twintig tot om en by vier-en-twintig, vyf-en-twintig, waarin die persoon die keuse wat gemaak is implementeer om te sien of dit vir hom of haar aanvaarbaar is (Super & Bohn, 1970:136; Gothard *et al.*, 2001:16; Seligman 1994:7-9).

Waar dit gestaltheorie aangaan, ten opsigte van die eksploreringfase, is die veld en fenomenologie belangrik. Yontef (1993:295) definieer veld as "a totality of mutually influencing forces that together form a unified interactive whole". Die veld word dus gesien as interaktief en die interaktiwiteit word bepaal deur samewerkende magte teenwoordig. Veldteorie gaan gepaard met fenomenologie waar die persoon se interne en eksterne wêreld, asook die interaksie tussen die twee ter sprake is. Die

drie wêreldes (intra-, ekstra- en inter-) behels die geheel in konteks van die veld (Joyce & Sills, 2006:24). Die veld word verder verdeel in die veld binne gewaarwording en die groter veld. Eersgenoemde het betrekking op dit wat binne die persoon se bewustheid is en laasgenoemde is dit wat nie in die onmiddellike bewustheid is nie. Die gewaarworde veld is 'n metafoor vir hoe 'n persoon sy of haar wedervaring organiseer (proses) en skakel vir die navorser in by Gottfredson se huidige en toekomstige persepsie van die self soos beskryf in Gothard *et al.* (2001:19). Die persoon is altyd besig om die veld te organiseer na gelang van die voorgrond in terme van huidige behoefte, historiese veldkonfigurasies en gevestigde gestalte (Joyce & Sills, 2006:25).

Selfs in die kristalliseringsproses is die adolessent nooit onafhanklik of geïsoleerd van sy of haar omgewing nie en is die persoon altyd in kontak en verweef met alles om hom of haar (Joyce & Sills, 2006:24). Daarom is dit vir die navorser belangrik om die subjektiewe ervaring van die eksplorasiefase retrospektief te ondersoek.

4 BEROEPSKEUSE EN BESLUITNEMING

Ontwikkelingsteoretici het verskillende beskouinge in verband met menslike ontwikkeling wat nie noodwendig deur ander teoretici gedeel word nie (Jepsen, 1996:135-136), byvoorbeeld:

- Ontwikkeling is 'n selfkonstruktiewe proses;
- Die persoon se aktiwiteite het beide struktuur en funksie;
- Die persoon funksioneer as 'n geïntegreerde sisteem;
- Nuwe subsysteme van aksie ontstaan uit ou subsysteme maar in 'n ander vorm.

Uit 'n ontwikkelingsteoretiese perspektief is die fokus op die adolessent se geskiedenis van voorkeure, die redes vir die spesifieke voorkeur en die eksplorering van kompeterende voorkeure waar dit beroepe aangaan (Jepsen, 1996:140).

Volgens Super word die sielkundige fasette rondom 'n beroep van binne die persoon (intra-persoonlik) beleef ten opsigte van implementering van die beroep en die selfkonsep wat binne hierdie beroep gevorm word. Hierdie proses is fenomenologies van aard in teenstelling met die sielkundige fasette rondom 'n werk wat as eksterne faktor buite die persoon beleef word en waargeneem kan word in fisiese arbeid (Young & Valach, 1996:363). Die skakel tussen fenomenologie en konstruktivisme is die sin of waarde wat die persoon uit ondervinding van die verlede en die toepassing daarvan skep in huidige voorgestelde konstrunkte (Young & Valach, 1996:363), met ander woorde, gestaltformasie. Die persoon gebruik 'n reflektiewe konstruksiesisteen van sy of haar ondervinding en geskiedenis in enige gebeurtenis of aksie (Young & Valach, 1996:363). Wanneer 'n besluit geneem word ten opsigte van beroepskeuse is die veld en fenomenologiese perspektief relevant deurdat dit 'n impak het op hoe 'n besluit geneem word. Super lê klem op kompromie en sintese in die beroepsontwikkelingsproses waarin die selfkonsep (gestaltproses) funksioneer (Savickas & Walsh, 1996:19). Deur bewus te wees van die huidige veld en hoe 'n persoon daardie veld interpreteer, word daar nie noodwendig goeie besluite geneem nie omdat goeie besluite met die beskikbare inligting uit die veld nie noodwendig optimaal is nie. Adolessente gebruik 'n verskeidenheid konstrunkte om hulle eie en ander se gedrag te verduidelik en te organiseer (Young & Valach, 1996:363). Indien adolessente nie assimileer nie beweeg hulle tussen wat hulle moet wees en wat hulle dink hulle is. Daar vind geen werklike identifikasie plaas met een van die gekose rolle nie en daarom die heen en weer beweeg (Yontef, 1993:184).

Daarby noem Giddens (in Gothard *et al.*, 2001:6) dat keuses wat gemaak word, lewenstyl bepaal, hoe daar opgetree word en ook bepaal wie om te wees. Gestaltteorie is proses georiënteerd waar gewaarwording of die gebrek daaraan prominent figureer ten einde die adolessent bewus te maak van hoe hy/sy te werk

gaan in die soeke om te verstaan. Die teorie postuleer dat verandering teweeg gebring word deur die aanvaarding van wie jy is en hoe jy is (Yontef, 1993:183-184).

Volgens Gottfredson (2005:94-95) definieer jonger adolessente hulself aan sosiale kenmerke ter uitsluiting van sekere beroepe en sal dus tot hulle nadeel keuses maak op grond van klas, geslag of geloof omdat relevante inligting geïgnoreer word. Daarenteen wys Super daarop dat beroepsaanpassing (beroepsvolwassenheid) en gevolglik ook beroepskeuse, uit vyf elemente bestaan, naamlik:

- Beplanning: onafhanklikheid, die vermoë om uit ondervinding te leer en aan te wend in beplanning en die toekoms te antisipeer en die selfkonsep;
- Eksplorering: om onder andere vrae te vra, inligting in te samel uit die gemeenskap, by die skool en familie, asook die wisselwerking tussen die persoon en hierdie bronne;
- Insameling van inligting: met spesifieke fokus op beroepe en ander lewensrolle;
- Besluitneming: om besluite konsekwent te neem;
- Realiteitoriëntering: die ontwikkeling van selfkennis; realistiese keuses; konsekwentheid in voorkeur; helder waardes; belangstellings; doelstellings en werkondervinding (Seligman, 1994:28; Nel, 1996:361).

Super beweer dat 'n persoon meer tevrede is met 'n beroep waar die persoon se belangstellings, persoonlikheid, waardes en vermoëns ooreenstem met die vereistes van die werk (Super & Bohn, 1970:2; Seligman, 1994:64) in teenstelling met 'n gekose beroep waar dit nie so is nie. Gestaltteorie volgens Yontef (1993:183) is gebaseer op die individu se vermoë om te leer om sy of haar eie gewaarwording te gebruik, exploreer, leer en vir self oplossings te vind vir sy of haar eie probleme.

Bogenoemde kan slegs plaasvind indien die kontakgrens tussen die individu en die omgewing deurlaatbaar is om so te vergoed vir voortdurende verandering in die

omgewing. Kontak is in en buite die individu en word in proses gemanifesteer deur interaksie van die individu met die omgewing (Mohamed-Patel, 2005:30). Sosiale betekenis word geskep in die hier-en-nou en ook met 'n oog op die toekoms (Young & Valach, 1996:364).

Volgens Seligman (1994:6) en Nel (1996:359) is 'n teorie soos dié van Super veral bruikbaar vir die gewaarwording van die self ten einde beter en meer sinvolle beroepkeuses te maak. Seligman (1994:221) wys verder daarop dat adolessensie 'n kritiese tydperk vir die adolessent is waar dit beroepsontwikkeling aangaan, omdat adolessente na die toekoms kyk, oop is vir nuwe idees en hulle belangstellings en vermoëns ondersoek. Super en Bohn (1970) (in Seligman, 1994:221) het in 'n longitudinale studie bevind dat jong mense wat tydens adolessensie met hulle beroepkeuses sukkel, ses jaar later steeds dieselfde probleem ervaar. Uit 'n gestaltperspektief kan dit wees dat die adolessent wat sukkel, met gevestigde of rigiede gestaltes werk in plaas daarvan om die dinamiek van die ewig veranderende proses te aanvaar (Yontef, 1993:313). Die navorser is van mening dat die adolessent weens bogenoemde, inligting ter hande ignoreer ten gunste van 'n gevestigde manier om 'n probleem op te los. Die gevolg is dat die besluit in gebreke bly omdat die benaderingstrategie (rigiede gestalt) in gebreke is. Zinker (1977:39) ondersteun die siening van verwesenliking deur daarop te wys dat mense partykeer die maklike uitweg kies ten einde 'n doel te bereik.

Volgens Joyce en Sills (2006:37) beskik die mens oor die vermoëns om te groei en te verander deur toe te laat dat die natuurlike proses van organismiese selfregulering plaasvind. Yontef (1993:26) sien groei as selfondersteuning en voer verder aan dat indien 'n persoon voorgee om iets te wees wat hy of sy nie is nie, is dit nie selfondersteunend is nie. Selfondersteuning volgens Yontef (1993:26) sluit kennis van die self en selfaanvaarding in en dat persone hulleself nie voldoende kan ondersteun sonder om hulleself te ken waar dit aspekte soos behoefte, vermoëns, omgewing en pligte aangaan nie. Indien 'n persoon verander weens druk van ander,

is dit nie op grond van outonomie en selfondersteuning nie en gevolglik ontbreek die gereedskap van selfondersteuning en outonomie (Yontef, 1993:27).

Proses sal dus op rigiede gestalte steun, maar nie so rigied dat daar geen ruimte gelaat word vir aanpassing by die omgewing nie. Volgens die paradoksale teorie van verandering vind verandering plaas wanneer "one becomes what he is, not when he tries to become what he is not" (Beiser in Joyce & Sills, 2006:37; Yontef, 1993:26). Selfondersoek en waardeklarifikasie help met verhoogde gewaarwording en 'n toename in selfagting (Savickas & Walsh 1996:141-142).

5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar eerstens na die historiese konteks van psigometriese instrumente gekyk. Die navorser is van mening dat psigometriese instrumente deel uitmaak van 'n holistiese benadering tot besluitneming veral met die oog op die keuse van 'n beroep en dat psigometriese instrumente korrek en in konteks aan gewend word in ooreenstemming met dit waarvoor hulle ontwikkel is. Psigometriese instrumente is problematies weens onder andere politieke misbruik, wantroue teenoor die afneem van toetse in sekere bevolkingsgroepe, finansiële koste van die gebruik daarvan en beperkinge wat deur wetgewing gestel word. Alhoewel psigometriese instrumente inligting oor die persoon se proses gee, val dit buite die grense van hierdie studie en is psigometriese instrumente nie in hierdie studie gebruik nie.

As alternatief vir psigometriese instrumente is daar na die teorie van Donald Super gekyk. In die uiteensetting van Super se teorie word beroepsontwikkeling gesien as 'n reeks spesifieke take wat verband hou met beroepe en wat vervul moet word in voorspelbare, gedefinieerde opeenvolging. Super het ook veertien gevolgtrekkings as leidende faktore voorgelê ten opsigte van sy gesegmenteerde teorie waarin die ontwikkeling en begrip van die selfkonsep 'n prominente rol speel.

Saam met Donald Super se teorie is daar ook aandag gegee aan die gestaltbenadering om te toon hoe 'n persoon se proses funksioneer deur te fokus op fenomenologie, veld en holisme. Daar is aandag gegee aan die ontwikkeling van die selfkonsep as deel van die proses by adolessente en die fases wat adolessente deurwerk ten einde 'n voorkeur vir 'n beroep te openbaar. 'n Beroepskeuse is volgens Super 'n uitdrukking van die individu se selfkonsep.

Laastens is aspekte rondom beroepskeuse en besluitneming bespreek. Besluitneming, waar dit 'n beroep aangaan, moet geskied deur bewus te wees van die individu se proses en ook goeie en slegte kontak met grense. Adolessente het probleme met besluitneming deurdad hulle sekere dele van die veld ignoreer en so besluite neem gebaseer op te min of verkeerde inligting (gebrekkige kontak). Gewaarwording is essensieel ten einde verandering teweeg te bring en gebrekkige kontak te oorbrug.

HOOFSTUK 3: EMPIRIESE INLIGTING

1 INLEIDING

Volgens Patton (in De Vos, 2005:334) staan navorsers onder 'n verpligting om hulle prosedures te monitor en verslag te doen daarvan. Hierdie hoofstuk het ten doel om orde, struktuur en betekenis (De Vos, 2005:333) te gee aan die data wat verkry is uit die onderhoude en daar word gepoog om sin te maak van die data. In hierdie hoofstuk word na navorsingsmetodologie verwys ten einde die vertrouenswaardigheid van hierdie studie te ondersteun met verwysing na die universum, populasie, steekproefneming, navorsingsprosedure en werkswyse ten einde die verwerfde data hier gestand te laat doen. Die hoofstuk word afgesluit met 'n samevatting van bogenoemde aspekte.

2 BEPLANNING VIR DIE INSAMELING VAN DATA

Die navorser het vir die doel van die navorsing die Buro vir Voorligting, Loopbaan en Akademiese Ontwikkeling (BVLAO), onder leiding van Dr. A van Schoor in Pretoria, en Me. P. Nielson wat in beheer staan van die BVLAO in Johannesburg, genader. Die navorser het die doel van die navorsing met Me. P. Nielson bespreek aangesien toestemming vir die gebruik van die kantoor vir die voer van die onderhoude, onder haar beheer staan. Daar is ook na verwagtinge gekyk ten opsigte daarvan dat studente wat gebruik maak van die BVLAO ten volle ingelig moes wees oor die navorser en die navorsing. Die navorser het gehoor gegee aan kantoorreëls soos oorgedra deur die BVLAO-bestuur. Me. P. Nielson is ingelig dat die respondente onder geen verpligting staan om deel te neem aan die navorsing nie, dat die onderhoude op videoband opgeneem word en dat respondente skriftelik toestemming verleen vir die voer van die onderhoude met die navorser. Me. P. Nielson het verder toestemming vir die video-opnames gegee met die voorwaarde dat respondente 'n

vorm teken wat hulle anonimiteit en vertroulikheid verseker. Me. P. Nielson het nie gevra om na die video-opnames te kyk nie. Toestemming wat by die Buro verkry is, is addisioneel en maak nie toestemming van respondente minder belangrik nie. Verskeie datums is ook gereël vir die voer van onderhoude met inagnome van die BVLAO se programaanbiedinge.

Die navorser het verder verseker dat genoegsame videobande, toestemmingsvorme en skryfmateriaal beskikbaar was en dat daar krag vir die video-opnemer was en die battery gelaai was indien 'n studiegeval hom sou voordo. Die navorser het geen probleme ervaar ten opsigte van voorbereiding nie.

3 NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 Navorsingsprosedure

3.1.1 Afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

Die universum vir die doeleindes van hierdie studie was studente in die Republiek van Suid Afrika, Gauteng provinsie. Die navorser het met die populasie vir hierdie studie gefokus op alle studente wat studeer aan UNISA en gebruik maak van die Buro vir Voorligting, Loopbaan en Akademiese Ontwikkeling te Kerkstraat 1, Johannesburg. Die steekproef was nie-waarskynlik en doelgerig omdat die navorser belangstel in die proses van die persoon en hoe dit verband hou met besluitneming op tersiêre vlak. Die toevloei van respondente is beperk deur slegs studente te gebruik wat van die Johannesburg tak van die BVLAO gebruik maak.

Vir doeleindes van hierdie studie was geslag belangrik omdat die studie se veralgemeenbaarheid beperk is tot die vroulike geslag. Daar is egter nie 'n

vergelyking tussen die twee geslagte getrek nie. Die navorser het gefokus op die proses van die respondente en die gebruik daarvan ten opsigte van loopbaankeuse.

Die navorser het onderhoude gevoer met vyf vroulike studente, vanuit onderskeidelik die volgende taalgroepe: Xhosa, Tsonga, Zulu en Shangaan. Die onderhoude is oor twee verskillende Woensdae gedoen in dieselfde lokaal. Al die onderhoude is in die oggend gedoen volgens die studente se beskikbare skedule. Die jongste respondent was 20 jaar oud en die twee oudste respondente was 23 jaar oud. Die ander respondente val tussen hierdie ouderdomsgroepe. Twee respondente was besig met hulle Maatskaplike Werk grade waarvan een poog om teen 2008 klaar te maak. Die ander respondent is in haar tweede jaar van Maatskaplike Werk. Daar was twee respondente wat besig was met Sielkunde grade waarvan die een respondent spesialiseer in Gemeenskapsgesondheid. Die laaste respondent dink daaraan om verder te studeer in elektriese ingenieurswese of bemarking. Laasgenoemde respondent het 'n Nasionale Diploma in Bemarking. Vier respondente is dus besig met hulle gekose rigting terwyl een respondent daaraan dink om haar studierigting te verander.

3.1.2 Metode van data-insameling

Die navorser het gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude om data in te samel. Die navorser het hierdie tipe onderhoude gebruik om die navorser genoeg speling te gee ten einde genoegsame inligting in te win aangaande die respondente se proses, verbandhoudend tot besluitneming.

Die navorser het meer en deels op oopeinde vrae gekonsentreer om sodoende soveel as moontlik inligting in te win. Onderhoude is op videoband opgeneem ten einde die respondente se antwoorde te ontleed. Onderhoude is in dieselfde lokaal vir al die respondente gedoen, aangesig tot aangesig in afsondering en sonder onderbreking deur ander mense, in 'n kantoor voorsien deur die BVLAO.

Die navorser het homself aan die respondente bekendgestel, sy kwalifikasies uiteengesit, deelname aan die studie verduidelik en dat die onderhoude op videoband opgeneem sou word ten einde genoegsame data te verkry. Die onderhoude is voorafgegaan deur die skriftelike toestemming van die respondent en enige vrae in verband met die studie te verduidelik. Daarna is die onderhoud gevoer. Die duur van die onderhoude was so kort moontlik gehou om nie te veel met die respondente se alledaagse aktiwiteite in te meng nie.

4 WERKSWYSE

4.1 Metode van data-ontleding

De Vos (2005:334) kombineer Creswell se data-ontledingspirale en Marshall en Rossman (1999:152-159) se proses en stel dit in 'n liniêre vorm waar die stappe in 'n spiraal beweeg. Die navorser het soos volg van hierdie stappe gebruik as metode van data-ontleding:

4.1.1 Data-insameling en voorlopige ontleding

Vanuit die kwalitatiewe benadering word data-insameling en -ontleding nie geskei nie en word die aanname gemaak dat die mens as instrument oor die vermoë beskik om aanhoudend die proses te verfyn om die rykste data weer te gee (De Vos, 2005:335). Volgens De Vos word data dus voortdurend hersien en so word nuwe data geskep wat onderwerp word aan nuwe ontleding wat 'n ryk bron is vir die generering van nuwe hipoteses en die skep van 'n gedeelde konstruksie van realiteit. Selfs wanneer die skryfproses onderweg is, mag daar leemtes blootgelê word wat die navorser noop om dit met die respondent op te volg (De Vos, 2005:335).

Die navorser het die data op die perseel van die BVLAO ontleed deur te kyk of alles in orde is. Aandag is aan die video-opnames gegee deur te kyk of die materiaal opgeneem en bruikbaar is. Daar was ook aandag gegee aan eerste indrukke soos dat twee van die respondente nie op video-kamera wou verskyn nie maar wel hulle stemme op videoband laat opneem het. Met die onderhoude was beide egter op hulle gemak en het geen weersin getoon teenoor die videokamera of navorser nie. Die produk, dit wil sê die veldnotas, opname- en toestemmingsvorm van elke respondent is met 'n kleurkode gemerk en is vir 'n tweede keer bevestig sodat daar geen twyfel was dat die respondente se kleurkodes dieselfde was vir al hulle betrokke data nie. Elke respondent het dus 'n unieke kleurkode. Daarna is lêers geopen om data wat op papier gegenereer was te kontroleer met betrekking tot die kleurkodes en om die data van die respondente in te berg. Die kleurkodes van die lêer en alles daarin stem dus ooreen met die data wat van 'n spesifieke respondent verkry is. Eerste indrukke is ook neergeskryf en later met verwerking bevestig en verfyn.

4.1.2 Organisering van die data

Patton (in De Vos, 2005:337) stel voor dat daar begin word met 'n lys van dit wat die navorser het. Dit behels 'n opsomming van wat reeds gedoen is en wat moontlik mag ontbreek soos onvolledige notas, leemtes in data en kleurkodes wat ontbreek. Transkribering van die data vind ook nou plaas. Transkribering skep 'n geleentheid vir insig en verdieping in die inligting wat in die data voorkom.

Soos hierbo verduidelik (paragraaf 4.1.1) is, is daar vir elke respondent 'n lêer geopen met 'n unieke kleurkode. Die data wat uit die onderhoude verkry is, dit wil sê al die papierwerk wat gegenereer is, is in lêers vir die onderskeie respondente gebêre. Net die navorser het toegang tot die lêers. Die onderhoude is op rekenaar oorgeplaas en 'n DVD-skyf is daarvan gesny. Die veldnotas en die DVD is ook met die kleurkodes gemerk om die volgorde van die respondente aan te dui.

Die navorser het 'n meesterkopie van die onderhoude en ander relevante data gemaak en dit in 'n kabinet gestoor waartoe net die navorser toegang het. Alvorens die meesterkopie geberg is, het die navorser bevestig dat die data op die DVD-skyf wel leesbaar was op rekenaar. Daar is 'n addisionele DVD gemaak met dieselfde inligting op as die meesterkopie. Die addisionele DVD is gebruik om, onder andere, veranderinge aan die navorsingstuk aan te bring met verwysing na die proses van voortdurende hersiening van data soos uiteengesit in paragraaf 4.1.1. Volledige onderhoude is getranskribeer.

4.1.3 Kodering van data

Volgens Marshall en Rossman (in De Vos, 2005:338) is kodering van data die formele voorstelling van analitiese denke. Die kodes kan verskeie vorme aanneem soos byvoorbeeld afkortings van sleutelwoorde, gekleurde merkers en nommer. Die gekose manier of skema sal verander met verloop van ontleding omdat die navorser met kodering die data op nuut sal verstaan en tot nuwe, of ander insigte kom wat 'n impak het op die oorspronklike plan.

Die navorser het verskeie maniere gebruik om data te kodeer. Die navorser het na die video-opnames van die respondente gekyk om 'n geheelindruk te kry van die inhoud van die onderhoude en om te luister of daar spesifieke inligting uitstaan soos die reaksie van respondente op sekere vrae. Verder het die navorser aandag gegee aan die getranskribeerde weergawe van die onderhoude. Hier het die navorser ook gekyk na inligting wat alleen staan en ook inligting wat ooreenstem met dié van ander respondente. Die navorser het rofweg op papier woorde neergeskryf wat vir hom uitstaan en ook sentiment wat gedeel word deur van die ander respondente. Daar is gekyk na hoeveel keer 'n spesifieke konsep herhaal, soos byvoorbeeld die invloed van die familie. Die navorser het ook van die getranskribeerde onderhoude 'n kopie gemaak waarin woorde en frases met kleur gemerk is (op die rekenaar). Die proses was eers om relevante antwoorde net te merk met een kleur (grys) en later met ander

kleure waar dit blyk dat informasie van een respondent ooreenstem met die van 'n ander.

4.1.4 Genereer kategorieë, temas en patrone

Klassifikasie behels die identifisering van om en by vyf of ses algemene temas (De Vos, 2005:338). Die proses behels dus die skeiding van data na 'n kleiner hanteerbare stel temas om in 'n finale narratief saam te vat. In hierdie studie behels ontleding die notering van reëlmatigheid in die respondente soos vervat in De Vos (2005:338). Met die ontwikkeling van kategorieë uit die temas soek die navorser na interne samelope en eksterne uiteenlope. Die kategorieë moet dus intern konstant wees maar afsonderlik van mekaar. Die soeke is na die identifisering van samelopende, gegronde kategorieë wat gemeenskaplike inligting deur respondente, weerspieël. Die navorser staan nou terug en vorm breë opinies van die situasie (Marshall & Rossman, soos vervat in De Vos, 2005:337-338).

Twee temas, naamlik proses en beroep, is uit die teoretiese literatuurstudie geïdentifiseer en omskryf ook die areas waarop die studie fokus. Verskeie respondente het aandag gegee aan probleemoplossing. Die navorser voel egter dat probleemoplossing beter deur proses omskryf word, in die konteks van hierdie studie, as om probleemoplossing as individuele tema uit te lig. Probleemoplossing is dinamies en moet in die konteks gesien word van die persoon.

Uit hierdie twee temas het verskeie kategorieë en sub-kategorieë te voorskyn gekom wat later in hierdie hoofstuk bespreek word, naamlik die kategorie selfkonsep, met die sub-kategorieë ware; ideale en valse self en verder die kategorie probleemoplossingsstrategieë met die sub-kategorieë, swak gedefinieerde probleme waaronder introjekte en onrealistiese verwagtinge figureer en goed gedefinieerde probleme as tweede subkategorie waaronder assimilasie en realistiese verwagtinge figureer.

4.1.5 Toets die ontvouende begrippe en soek alternatiewe verduidelikings

Die navorser kry 'n begrip van die inligting wat uit die empiriese data na vore kom. Die navorser ontleed die data en kyk of die kategorieë en temas wat te voorskyn kom wel wetenskaplik verantwoord kan word en of daar nie alternatiewe verduidelikings daarvoor bestaan nie. Verder kan die navorser vra hoe sentraal hierdie temas en kategorie staan om die navorsingsvraag te ondersteun (De Vos, 2005:338-339). Die twee temas wat in hierdie navorsing geïdentifiseer is, naamlik proses en beroep, ondersteun die navorsingsvraag en word ook ondersteun deur die inligting wat verkry is uit die onderhoude. Die kategorieë wat geïdentifiseer is, hou dus verband met die geïdentifiseerde twee temas wat weer insig gee in verband met hoe adolessente te werk gaan om besluite te neem en oor watter ander faktore 'n rol in daardie besluitneming speel.

Alhoewel die respondente se antwoorde onderhewig is aan kultuur, dit wil sê akkulturasie en enkulturasie, en in daardie lig geïnterpreteer behoort te word, is dit nie die hoofokus van hierdie studie is nie omdat die navorsingsvraag se fokus op gestaltproses is en hoe dit staan tot besluitneming. Dit is voor die hand liggend dat aspekte soos kultuur en geslag 'n rol speel in besluitneming, maar die fokus van die studie is nie op die uiteenlopendheid van prosesse binne kulturele verband en om 'n vergelyking te tref nie, maar slegs hoe respondente hulle prosesse in ag neem ten opsigte van loopbaanbeplanning.

5 VERTROUENSWAARDIGHEID VAN STUDIE

5.1 Geloofwaardigheid

In Babbie en Mouton (2006:276) moet 'n studie geloofwaardig wees voordat 'n studie oordraagbaar kan wees. Geloofwaardigheid word verseker deur (Babbie & Mouton, 2006:277):

- onderhoude te voer totdat versadiging voorkom deurdat al die inligting wat weergegee word tydens die onderhoud, ondersteun word deur meer as een respondent;
- te strewen na verskeie maniere van interpretasie, proses van konstante en tentatiewe ontleding en deur uit te kyk vir verskeie invloede. Met verwysing na kodering, temas en kategorieë het die navorser gebruik gemaak van verskeie maniere van interpretasie soos soortgelyke frases en woorde verskillend te kleur om te sien of daar verbande bestaan. Met verdere ontleding het hierdie verbande verander totdat die navorser op die gekose temas en kategorieë besluit het, wat die meeste lig werp op die navorsingsvraag ;
- verskillende metodes, bronne en vrae te gebruik. Die respondente is aan dieselfde onderhoudskedule blootgestel maar die vrae en formaat was nie konstant nie. Die navorser het onder andere met sekere respondente geslote vrae gebruik ten einde beter insig te verkry aangaande die respondent se antwoord. Die respondente self het as bronne gedien, tesame met literatuur wat gebruik is ter opheldering van sekere konsepte soos die selfkonsep;
- video opnames te gebruik, soos in die geval van hierdie navorsing;
- terug te gaan na die bron van die inligting en die data en interpretasie te bevestig. Die navorser het gesteun op vergelyking van verskeie respondente se antwoorde om temas en kategorieë te bevestig. Die navorser het in die onderhoud self gebruik gemaak van terugvoer om te bevestig dat dit wat gesê word ooreenstem met die bedoeling van die respondente.

5.2 Oordraagbaarheid

Lincoln en Guba in De Vos (2005:346) stel voor dat oordraagbaarheid die alternatief is tot eksterne geldigheid of veralgemeenbaarheid. Babbie en Mouton (2006:277) verwys na oordraagbaarheid as: ". . . the extent to which the findings can be applied in other context or with other respondents". Volgens Babbie en Mouton (2001:277)

rus die onus om oordraagbaarheid te demonstreer op die leser van die studie, met ander woorde ander persone wat die bevindinge wil aanwend.

Oordraagbaarheid in hierdie studie steun op deeglike beskrywing van die proses en besluitneming soos hierbo (paragraaf 5.1) bespreek ten opsigte van video-opnames van respondente, terugvoer wat van die respondent ontvang is en teorie soos gestalt en Super wat ter ondersteuning van die studie gebruik is. Die navorser steun verder op die uiteensetting van Babbie en Mouton (2006:277) dat die onus op die leser van die studie rus om oordraagbaarheid of die teendeel daarvan te demonstreer.

5.3 Betroubaarheid

Volgens Babbie en Mouton (2006:278) moet 'n ondersoek bewys lewer dat indien die navorsing herhaal sou word met dieselfde of soortgelyke respondente in dieselfde konteks die bevindinge ook dieselfde sal wees. Guba en Lincoln in Babbie en Mouton (2006:278) stel voor dat 'n ondersoekende oudit gedoen word na die produk, data bevindinge, interpretasie en aanbevelings. Die persoon wat die oudit doen, met verwysing na aanvaarding van die navorsingsprosedure en uitkoms, bevestig dus betroubaarheid.

Die betroubaarheid van die studie word bereik deur die versadigingseffek. Respondente is aan dieselfde onderhoudskedules blootgestel, totdat inligting herhaal het en geen nuwe inligting verkry is nie. Versadiging het plaasgevind wanneer die antwoorde wat verkry is nie nuwe lig op die navorsingsvraag gewerp het nie. Verdere onderhoude het dus dieselfde data weergegee as wat reeds bestaan en genotuleer was. Uit hierdie data is temas, kategorieë en subkategorieë geïdentifiseer.

6 OORSIG VAN BENADERING TOT ONDERHOUDVOERING

Die navorser het die onderhoude benader met inagnome van die navorsingsvrae soos uiteengesit in hoofstuk een, ten einde beter begrip te verkry oor die rol van proses en besluitneming te wete:

- Waarom ervaar adolessente probleme met vakkeuse?
- Hoe hou selfkonsep en waardes verband met die gekose rigting?
- Het adolessente genoegsame kennis in verband met beroepe?
- Het adolessente genoegsame kennis in verband met hulself?

Die navorser het gepoog om so veel as moontlik oopeindevrae te vra ten einde die respondente te laat dink oor hulle antwoorde. Waar die navorser dit nodig geag het, is geslote vrae gevra om die respondent se antwoord te toets of om 'n spesifieke antwoord wat reeds gegee is, te bevestig.

Die navorser is van 'n lokaal voorsien by die BVLAO te Kerkstraat 1, Johannesburg. Die navorser het deur die lokaal geloop om seker te maak dat steurnis tot 'n minimum beperk sou wees en dat die respondent gemaklik sou voel. Die navorser het gesorg dat die mediasentrum byvoorbeeld nie aan was nie, dat die lugverkoeling nie ongemak sou veroorsaak nie en dat daar nie steurnis in die gesigsveld van die respondent, soos bewegende apparaat, was nie.

Die navorser het gepoog om die respondente so gemaklik moontlik te laat voel alvorens die onderhoud begin het. Respondente is by die ontvangsportaal ontmoet waar daar eers bekendstelling gedoen is en verneem is na hulle welstand. Die lees van die toestemmingsvorm en ander vrae in verband met die navorser en navorsing kan, volgens die navorser, intimiderend wees. Die navorser het gevolglik voor die onderhoudvoering 'n algemene gesprek met die respondente gevoer om hulle meer op hulle gemak te stel. Met algemeen word bedoel dat die gesprek nie noodwendig op

beroep gesentreer was nie maar ander aspekte van die respondent se lewens. Die gesprekke was dus meer oppervlakkig as die navorsingsonderhoude. Die respondente is gevra om die lokaal binne te gaan en gesê waar om te sit met inagnome van waar die kamera opgestel was en of die respondent beswaar gehad het om op video te verskyn. Die respondente is gevra of hulle enige vrae het en of hulle besware het alvorens die toestemmingsvorm geteken is. Indien daar besware was, is dit uit die weg geruim, soos byvoorbeeld respondente wat ongemak ervaar het om op video te verskyn.

7 ONDERHOUDE

Die temas wat ontvou het tydens data-ontleding was beroep en proses. Die navorser bespreek hierdie temas met verwysing na kategorieë en beskrywing van respondente se kommentaar gevolg deur direkte aanhalings van respondente.

7.1 Beroep

Die meeste respondente het in adolessensie begin dink aan die beroep wat hulle gaan volg. Daar word nou gekyk na beroep op sigself en die benadering tot die keuse van 'n beroep met verwysing van kategorieë wat te voorskyn gekom het in die ontleding van die data.

7.1.1 Studierigting

Die eerste kategorie wat na vore gekom het, was die huidige studierigting en dit wat die respondente op skool oorweeg het as studierigting op tersiêre vlak. Daar blyk ooreenstemming te wees in respondente dat die beroepsrigting wat op skool oorweeg is, oorgedra het in tersiêre onderrig. Respondent een is besig met 'n Sielkunde graad met spesialisering in Gemeenskapsgesondheid. Respondent twee is besig met 'n

graad in Sielkunde. Respondente drie en vier is besig met hulle grade in Maatskaplike Werk. Respondent vyf het 'n Nasionale Diploma in Bemarking en oorweeg dit om verder te studeer.

7.1.1.1 Ontwikkeling van huidige studierigtings

Die huidige studierigtings van die respondente verskil van dit wat oorspronklik op skool oorweeg is alhoewel die beroepsrigting konstant gebly het by die meerderheid respondente, maar die keuse van 'n werk verander het in sommige gevalle. Die manier waarop beroep benader is, verskil ook deurdat respondente van verskeie strategieë gebruik maak ten einde hulself te oriënteer tot 'n spesifieke beroepsrigting. Dit moet beklemtoon word dat geen van die respondente psigometriese meting ondergaan het vir hierdie studie nie en ook nie voorheen daaraan blootgestel was nie.

Respondent een het begin deur beroepe te ondersoek met die aanvanklike studierigting vaag gedefinieer met verwysing na hulp aan mense as inherente motivering en beperk tot 'n eksterne voorwerp, naamlik 'n wit jas wat gedra word deur 'n dokter. Sy stel dit as volg: "I actually wanted to do anything that has to do with, I don't know, helping people, being in the hospital or something then I thought of nursing and I was like no my aunt is a nurse no just that's out . . . cause I actually I love the white jacket so I was like what else can I do that is going to give me that white jacket you know, and voila psychology came to mind, so ja thats how" en "Yeah a doctor or maybe radiographer or anything that is going to get me that white jacket". Dit blyk dat die hulp aan mense oor tyd konstant gebly het gesien in die lig dat sy tans besig is met haar graad in Sielkunde en dat die fokus op die wit jas as 'n doelwit gebruik is.

Respondent drie neem 'n meer realistiese benadering ten opsigte van motivering van 'n studierigting deur te kyk na haar resultate op skool en wie sy dink sy is. Respondent drie se benadering was as volg: "Ok first, I looked at my subject from high

school I said ok I didn't do math and I didn't do science so that means I've cut college of engineering out engineering and technology I've cut it out. Ok so, I then looked at my personality, who is (Respondents name)."

Respondent vier openbaar ook 'n aanvoeling tot 'n gekose veld van belangstelling en gaan verder deur daarop te reageer. Met reageer word bedoel dat sy daadwerklik ondersoek instel na haar gekose belangstelling. Haar belangstelling begin ook op skool en dan ook vroeër as die ander respondente, naamlik reeds in standerd ses (graad agt). Sy stel dit as volg: "Ok, it's like with me, I've always known that I wanted to do something related to human sciences, but I wasn't really sure which one because when I was doing standard 6 I thought I would be a nurse, but you know you'll work with sick people, so I didn't, I was not really sure if I want to go to a profession where I had to see blood and all that, or where I had to talk go to the talking profession. . ."

Uit bogenoemde blyk dit dat die respondente reeds op skool 'n aanvoeling gehad het vir 'n spesifieke beroepsrigting en hulleself georiënteer het tot daardie aanvoeling. Al die respondente se belangstelling of beroeporiëntering het begin op skool waar die meeste respondente gewet het dat hulle, in die breë gesien, in 'n sekere area 'n fokus het, te wete mense te help soos in 'n mediese veld of maatskaplike werk vir onderskeidelik respondente een en vier. Nougesette fokus ontbreek deurdad die respondente dit duidelik stel dat hulle nog besig was met 'n proses van eliminasië soos gesien kan word by respondent vier en respondent drie.

7.1.1.2 Hulpbronne wat gebruik word as motivering vir die maak van studierigting

Opvallend in al die onderhoude met die respondente was die invloed van eksterne hulpbronne, hetsy positief of negatief. Die hulpbronne word in sub-kategorieë verdeel en afsonderlik bespreek met verwysing na die respondente.

- Skool

Volgens die meerderheid respondente het inligting wat by die skool verkry is, gefokus op uitslae. Skooluitslae was egter nie die enigste barometer om beroepsrigtinge te bepaal nie. Met die fokus op uitslae het al die respondente hulleself gemeet aan hoofsaaklik een vak, naamlik wiskunde. Respondente het wiskunde as kriterium gebruik om rigting aan toekomstige studies te gee. Naas wiskunde het een respondent genoem dat sy wetenskap ook in ag geneem het met die keuse van 'n beroepsrigting.

Op 'n vraag aan 'n respondent oor wanneer sy geweet het dat sy nie 'n dokter gaan word nie, was haar antwoord "As soon as I got my matric results". Haar reaksie hierop was nie een van verbasing nie. Die navorser het haar gevra hoe dit gevoel het, waarop haar antwoord was: "Well not bad really because I guess somehow I knew I was not going to be, because my maths results for grades, ever since I can remember they were not that good so I was fine with it, really I was". Sy gebruik haar matriekuitslae as hulpbron om haarself te heroriënteer en die realiteit waarvan sy reeds bewus was, te aanvaar.

Respondent drie het ook haar uitslae gebruik as maatstaf ten einde 'n studierigting te verfyn. Die navorser het ter bevestiging die volgende vraag gevra: "So you say when you looked at your matric subjects you excluded engineering and those other fields?" waarop respondent drie se antwoord as volg was: "I excluded business and accounting. I'm not good in maths, that's not me, I'm not going to work with numbers".

Respondent vier gebruik die skool as hulpbron om meer uit te vind oor 'n potensiële studierigting. "So, when I was doing grade 12 it's then that I asked about psychology because where I come from getting information is little bit difficult no library nothing,

only see it on tv, like seeing psychologists doing counselling like that. So, when I asked about psychology this guy came to our school, his name was Tony, to do a presentation, sort of motivation and I asked him about psychology because I know you couldn't do psychology cause I don't have mathematics, I don't like mathematics anyway”.

Respondent vyf wou aanvanklik onderrig in logistiek doen “Initially wanted to do logistics”, maar “I thought I was good in mathematics, found out later I can't do better in maths” en het gevolglik eerder die Nasionale Diploma in Bemarking gedoen.

Dit is duidelik dat die skool 'n belangrike hulpbron is vir beroepsoriëntering. Studente kry nie net insig in hulle sterkpunte nie, maar ook oor swakpunte, soos verskeie respondente genoem het dat hulle wiskunde nie na wense was nie en dit dus 'n invloed gehad het op wat hulle studeer. Die skool help dus met die filtrering van beroepe sodat studente se fokus beperk word tot sekere areas van belangstelling. Die areas van belangstelling blyk nog steeds 'n interne oriëntering van die student te wees en nie geforseer deur die skoolsisteem nie. Die skool het dan ook die funksie om addisionele inligting aan die studente te voorsien soos uit respondent vier se onderhoud na vore gekom het.

- Familie

Uit die onderhoude was dit duidelik dat familie 'n groot invloed in studente se keuse van beroepe speel. Respondent een noem byvoorbeeld: “No, no, cause everyone in my family you know, they all went to university . . .”. en respondent twee beklemtoon “My eldest brother did journalism, my sister did something with computers, I'm not sure”. Volgens respondent drie het haar ouma 'n rol gespeel en sê sy dat, “first I was, I wanted to do like my grandmother wanted to do wanted me to do nursing . . .”. Die invloed varieer deurdat die emotiewe waarde positief of negatief kan wees na gelang van die interpretasie van die respondente. Respondent een het gevoel dat dit

ongehoord sou wees om nie verder te gaan studeer nie gesien in die lig daarvan dat haar familie 'n tendens het om verder te studeer en sy dus die buitestaander sou wees. Respondent vier identifiseer sterk met familie “so that’s how it’s like at home, they were also very supportive, they were like with my personality, if you don’t become a lawyer you become a social worker. So, that’s how I ended up coming to the social profession.”

Respondent vyf se skuif vanaf bemerking na die oorweging van 'n loopbaan in ingenieurswese het plaasgevind as gevolg van “the influence of the parents.” Respondent vyf oorweeg dit sterk om van studierigting te verander weens druk vanaf haar ouers. Sy het reeds 'n Nasionale Diploma, maar weens werkloosheid het haar ouers haar oortuig om na ingenieurswese te kyk as studierigting.

Vir respondente een, twee, drie en vier speel familie ook 'n positiewe rol waar dit motivering aangaan. Vanuit die onderhoude wil dit voorkom asof families wat grade of diplomas het, addisionele druk, direk of indirek, op respondente plaas.

- Ander hulpbronne

Daar is verskeie ander vorme van motivering wat in die onderhoude uitgekom het maar dit was nie so prominent soos skool en familie nie. Respondent een het onder andere gefokus op “. . . it was more about the money . . .”. Respondent twee is deur die media beïnvloed en noem: “I watched the Take 5 program and the lady on tv was a psychologist, I wanted to find out more about psychology” en “Yes, I read up”. Volgens respondent drie het sy haar inligting “from magazines ... ” gekry. Die radiowese het haar ook beïnvloed en sy noem dat “radio is where I got addicted. Like there was this social worker on radio, she was talking about social work”. Respondent vyf sê haar bevestiging het gekom op kollege waar “I was told by the training advisor by doing general tests, checking my characteristics [that] I made the correct choice”.

Dit wil voorkom dat respondente in hierdie studie van verskeie hulpbronne gebruik gemaak het, nie net om inligting in hulle gekose beroepsvelde in te win nie, maar ook as besvestiging dat hulle op die regte pad is waar dit hulle beroepskeuse aangaan.

7.2 Proses

7.2.1 Selfkonsep

Die navorser is van mening dat die respondente wat in voeling is met hulle ware self minder probleme ervaar waar dit hulle beroepsbeplanning aangaan. Met ander woorde, die respondente wat weet wie hulle is en waar daardie bewustheid kongruent is met die ideale self ervaar minder probleme met beplanning vir toekomstige studie en spesialisering. Die respondente het getoon dat hulle 'n idee het van wie hulle is en hulle voorstelling in hulle wêreld en daaglikse omgang. Met verwysing na ware, ideale en valse self was dit duidelik dat respondente hulleself reguleer na gelang van hulle selfkonsep, met ander woorde hulle kies velde wat ooreenstem met wie hulle dink hulle is. Respondent drie kan byvoorbeeld nie 'n verpleegster word nie omdat sy nie met bloed kan werk of iemand inspuit nie: “. . . nursing, me working with blood. Like I'm too scared I can't inject you”. Beroep word gestuur deur onder andere selfkonsep deurdat respondente onderskei tussen dit wat hulle ag in lyn en van belang is en dit wat nie van belang is nie. Selfkonsep of persepsie van self dra ook deur na probleemoplossing en besluitneming deurdat een respondent daarop wys dat sy haar ouers se studierigting sal volg omdat sy 'n gehoorsame kind is. Haar proses word met verwysing na die studierigting eksplisiet uitgedruk, deur die studierigting te wil doen teen haar sin, omdat sy voel dat sy verantwoordelikheid het om getrou te wees aan haar ouers se wense. Sy stel dit "It's going to be a problem", maar is oortuig dat sy sal probeer, al het sy 'n idee van wat die uitkoms gaan wees.

7.2.1.1 *Ware self*

Al die respondente het 'n persepsie van wie hulle dink hulle is. Die navorser het hierdie persepsie van die respondente gebruik as meting vir die ware self. Respondent een sien haarself as 'n ondersoekende tipe mens wat interaksie met ander soek, terwyl respondent twee haarself sien as empaties wat interaksie met ander geniet. Sy steun sterk op die "ek"-gesprek wat toon dat sy eien wat sy sê: "I like talking, that's who I am, mostly it defines who I am. Love being around people I am very supportive and understanding of other people and myself. There is a clear distinction between me and other people" en "I like socialising, I like going out, like having fun".

Respondent drie praat van haarself in die derde persoon. Die navorser het egter die indruk gekry dat Engels problematies vir haar kan wees daarom die gesprek in die derde persoon. Respondent drie sien haarself as "Ah, (respondent's name) is this nice lady, she is friendly, for ever smiling" en "Ahm, ahm (respondent's name) is intelligent, she likes to do things, she loves challenges".

Respondent vier praat ook in die eerste persoon en blyk duidelik te weet wie sy is en stel dit as volg: "I'm a very proud person, I'm very proud about myself and then there is no one, I do believe there is no one that can put me down. I'm independent that's what I love about myself. I don't beg unless it's the last option available, I make sure that I struggle after struggling, before getting what I want it's then I can go and get assistance". Die respondent lê klem op die feit dat sy baie onafhanklik is en eerder sake op haar eie manier hanteer voordat sy van hulp gebruik maak.

Respondent vyf het haarself as volg beskryf: "Outgoing person, person who likes people, working with people, doing research about things like my career".

Al die respondente het getoon dat hulle 'n idee het van wie hulle is. Die navorser is van mening dat alhoewel hulle 'n idee het van wie hulle is, dit nie noodwendig die werklike ware self is nie maar vanuit die respondente se perspektief is dit hulle ware self en val dus binne die grense van hierdie studie omdat die navorser belangstel in hulle subjektiewe ervaring van wie hulle is.

7.2.1.2 *Ideale self*

Respondent een identifiseer sterk met haar moeder en die gemeenskap en noem dat “too much in every aspect of everything that I do I am like my mother” en “not that it was a choice but the people from the community expect you to be”.

Respondent twee noem dat “I [am] very supportive and understanding of other people and myself. There is a clear distinction between me and other people. . .” en “I don't like people who think they are superior to others, that's what I don't like” en “I try to take other person's point of view, even if I don't agree”. Bogenoemde aanhaling is verkry na aanleiding van 'n vraag hoe respondent twee dink 'n sielkundige optree. Daar is dus duidelik 'n kombinasie van wie sy is en wat verwag word van die beroep sielkunde.

Respondent drie het met verwysing na haar studierigting (Maatskaplike Werk) die indruk geskep dat haar ware self en ideale self naby mekaar lê: “In social work I can choose if I want to go to work in prison, if I want to go and work in communities, if I gonna work in if I a want to work with children in orphanage (onhoorbaar) if I want to go do hospitals and work there. It's broad I can choose what I want, where I want to be”.

Respondent vier noem dat “yes, I think I didn’t make a mistake. Ok, my weak point is that sometimes I tend to take people’s problems and feel like that I can help them, meaning really that you have that thing that you can do something that you can do something. My weak point is that I’m very positive about myself, I know where I want to go and I know what I need to do”. Respondent vier maak ook gebruik van verwagting wat geskep word gesien in die konteks van die beroep maatskaplike werk. Daar is dus eksterne invloed, hoe ’n maatskaplike werker optree, gekombineer met die ware self.

Respondent vyf het op aandrang van haar ouers studierigting verander. Alhoewel sy instem om studierigtings te verander is sy onseker of sy ingenieurswese sal slaag weens die wiskunde komponent. Respondent vyf definieer haar ware self baie breed. Die navorser kry die indruk dat weens daardie breë definisie die ware self nie in die ideale self te voorskyn kom nie. Vorige respondente toon dit deur gebruik te maak van “ek”-taal terwyl respondent vyf nie “ek”-taal gebruik waar dit haar ware self aangaan nie.

Dit was opvallend dat, indien die ware en ideale self kongruent is waar dit die persoon se persepsie van die ideale en ware self aangaan, hulle reeds ’n idee het van wat hulle verder wil doen waar dit hulle beroepe aangaan.

Respondent drie noem byvoorbeeld: “Uhm, I would like to do community development oh and because I’m doing, I’m majoring in sociology maybe in future I can work as a social researcher”. Met verwysing na respondent drie se ware en ideale self is daar balans deurdat die een nie die ander oorheers. Omdat daar balans is, volgens die navorser, help dit met selfaktualisering omdat die integrasie van wie sy is en die terugvoer of verwagtinge vanaf die omgewing in lyn is met mekaar.

Respondent vier wil spesialiseer in Gemeenskapsontwikkeling en motiveer dit as volg: “Community Development” en “In what way because I love helping people, it’s like I

believe in empowerment, that's why, that people can feel empowered and not feeding them with this grants and whatever, instead you can help them help themselves". Respondent vier sien 'n toekoms in Gemeenskapsontwikkeling veral gesien in die lig daarvan dat sy haar ware self sien as "I'm independent that's what I love about myself" en "I don't beg unless it's the last option available". Voorafgaande ondersteun die besluit om verder te studeer in Gemeenskapontwikkeling. Haar ware self en ideale self ondersteun mekaar deurdat die fokus vir albei onafhanklikheid is met spesifieke verwysing na bemagtiging. Wie sy is wil sy uitleef in die gemeenskap as haar ideale self.

Dit was duidelik uit respondent vier se antwoord dat die ideale en ware self kongruent met mekaar is en dat dit deurdra na haar beroepskeuse.

7.2.1.3 *Valse self*

Twee respondente se vals self het na vore gekom wat aanduidend was van hulle fenomenologie en hoe hulle hulself en die maak van beroepskeuses beleef. Respondent een was van mening dat "I'm seeing other things that probably if I knew better I could have study it". Volgens respondent vyf konsulteer sy met "my parents because they are the ones who influenced me on this, try to explain to them actually what's happening, why I can't do the engineering course". Respondent een en vyf ontken hulle ware self deur eerder te steun op verwagtinge vanaf die omgewing. Die ideaal sou dus wees as beide hierdie respondente hulleself en die omgewing in ag neem. Die navorser is van mening dat hulle besig is in studierigtings waar die omgewing meer sê het as die twee respondente self, in stede daarvan om 'n studierigting te volg wat die ideale self komplementeer met in agname van die omgewing.

7.2.2 Probleemoplossingstrategieë

Die navorser kyk vervolgens na die manier waarop respondente te werk gegaan het om probleme uit te klaar ten einde verskille in die resultaat van besluitneming te toon.

7.2.2.1 Swak gedefinieerde probleme (gevestigde weë)

Respondent een het as volg te werk gegaan om haar huidige studierigting te kies: sy het op skool besluit sy wil in 'n rigting studeer waar sy met mense werk en kan help. Haar fokus was op 'n eksterne voorwerp te wete die wit jas van 'n dokter wat as motivering gedien het. Sy het van plan verander waar dit 'n mediese studierigting aangaan toe sy beseft het dat haar punte haar nie toelating sou gee tot die studierigting nie. Haar fokus het verskuif na wat ander in die familie doen, soos dat een tante 'n verpleegster was. Bloed het haar egter afgeskrik. Een van die grootste invloede, volgens die navorser, was haar persepsie van wat van haar verwag word in die gemeenskap. Dit is duidelik uit haar beskrywing dat die probleem wat toekomstige studierigting betref nie duidelik gedefinieer is nie. Sy definieer haar probleem aan die hand van verwagtinge wat nie haar eie is nie: "it was more about the money and you know the family members and the community (onhoorbaar) that a (respondent se naam) is a doctor but I never really thought that I was going to become a doctor." Dit is dan vanselfsprekend dat hierdie respondent tans probleme ervaar in haar gekose studierigting omdat sy aan die verwagtinge van ander wil voldoen in plaas van haar eie.

Respondent twee gaan te werk deur die probleem van haarself te verwyder deur dit te projekteer as iemand anders se probleem en dan die antwoord of dele van die antwoord te gebruik. Sy steun ook swaar op een bron om haar probleem in konteks te probeer stel en dit is deur familie en vriende te gebruik as klankbord. Sy het onder andere op 'n vraag hoe logistiek inpas by haar huidige studierigting 'n vae antwoord gegee: "it's somehow similar to marketing. It does fit in somewhere, somehow, but not

exactly". Volgens die navorser ervaar hierdie respondent probleme met haar studierigting juis omdat die probleem swak gedefinieer is weens insette van subjektiewe opinie van ander, in plaas daarvan om op objektiewe bronne ook te steun en dan 'n oplossing te kry wat pas by haar omstandighede. Volgens die navorser kom daar twee patrone te voorskyn uit swak gedefinieerde probleme naamlik introjekte en onrealistiese verwagtinge. Hierdie twee patrone word nou bespreek.

- Introjekte

Vanuit 'n gestaltperspektief het respondent een gebruik gemaak van introjekte. Die respondent wys daarop dat alhoewel sy lief is vir politiek, sy nie deel daaraan mag hê nie. Dit is duidelik dat in haar taalgebruik met verwysing na "we" die praktyk eerder 'n introjek was. Respondent een noem dat "well we don't partake in anything that has to do with politics" en gevolglik bestaan daar twyfel of die studierigting die regte een is omdat sy haar ideale rigting sien as "probably law anything with politics". Respondent een is besig in 'n spesialisveld (Gemeenskapsielkunde) waar politiek 'n prominente rol speel. Dit is duidelik waar dit probleemoplossingstrategieë aangaan dat respondent een nie al die nodige inligting in ag geneem het om 'n besluit oor haar studierigting te neem. Sy steun op onder andere die introjek dat haar geloof haar verbied om aan politiek deel te neem.

Respondent vyf berus by die wense van andere in plaas van dit wat realisties vir haar is, wat ook op introjekte dui. Respondent vyf steun op moontlike kulturele introjekte. Sy noem dat "I'll consult somebody, ja I'll consult my parents because they are the ones who influenced me". Volgens die navorser is hierdie respons nie assimilasië nie, omdat daar geen ander uitweg vir haar is as: "It's going to be a problem. I'll just try and do it".

- Onrealistiese verwagting

Die patroon van swak probleemoplossingstrategieë dra by tot onrealistiese verwagtinge deurdat respondente van gevestigde weë (gevestigde gestalte) gebruik maak het om probleme op te los. Respondente ignoreer belangrike inligting wat dan aanleiding gee tot addisionele probleme. Respondent een: “I’m failing my assignments” en “Ja, I think so cause I thought that since I love it, then its going to be easy but its much effort but, ja like now I can see that I have to work hard”. Hierdie respondent het gedink omdat sy van ’n vak hou, sy goed sou doen net om agter te kom dat die vakinhoud problematies is. Die fokus was op die vaknaam in plaas van die inhoud. Respondent een het addisionele besprekingsgroepe om by te woon en moontlike finansiële implikasies as sy die betrokke vak nie sou slaag nie.

Omdat respondent vyf haar probleem gedefinieer het deur introjekte te gebruik, sit sy in ’n situasie waar sy bly sal wees om net te slaag wat verder ook ’n aanduiding kan wees dat sy nie eintlik belangstel in dit wat sy doen nie. Hierdie respondent se verwagtinge was onrealisties omdat die “net slaag” ’n invloed het op meer as dit wat sy nou doen, studiegewys, ook op haar loopbaan en gesondheid in die toekoms.

7.2.2.2 *Goed gedefinieerde probleme (kreatiewe denke)*

Respondente twee en vier maak gebruik van strategieë wat steun op kreatiewe denke. Alhoewel daar struktuur aan die benaderings van die twee respondente was, blyk dit nie rigied nagevolg te word nie, met ander woorde, daar was plek vir speling in die aanwending van hierdie probleemoplossingstrategieë. Volgens respondent twee het sy reeds ’n eksamenrooster en weet sy “what kind of problems I’ll be facing. I’ve divided my modules according to my time table”. Op ’n vraag van die navorser of sy alle probleme dieselfde hanteer, was haar antwoord: “No, not all problems, problems with close friends – I’ll talk to them, do not procrastinate on a problem, sometimes I

get a lot of info on my problems, sometimes not. If I anticipate big problems I take time in resolving them.”

Respondent vier het genoem dat “what I do, most of the time, I start debating it in my mind. From my mind it goes to the paper, from the paper to doing maybe a little reading on the relative problems about my life that I’m experiencing at that moment, from there is then that I go to the people, after following those steps.”

Soos in swak gedefinieerde probleme, kom daar twee patrone voor in probleme wat goed gedefinieer was, naamlik assimilasië en realistiese verwagtinge.

- Assimilasië

Respondente sien probleme as deel van groei en maak gebruik van verskeie strategieë ten einde genoeg inligting in te win oor hulle probleem. Respondent drie: “when I have problems, like I believe that if you don’t experience problems you won’t learn actually, like those problems they make me strong” en “I am a Christian, I pray”. en “I’m going to a discussion group” en “I’ll go to my aunt and say and tell her he did this and this and this to me”.

Respondent vier se strategie sluit onder andere in dat die probleem ervaar word as deel van die self om so paradoksaal ’n antwoord te genereer. Respondent vier: “Ok, sometimes it gets to such an extent of course but how I deal with it it’s just by accepting that it’s just another fence that I must pass and if I pass that it I will be fine ... Because I feel like people have to solve their own problems”. Beide respondente gebruik inligting wat deel is van die respondente se ware self. Dit kan gesien word in die eiening van gebeure in die bogenoemde uittreksels deur “ek”-taal. Hulle maak

gevolglik gebruik van kreatiewe oplossingstrategieë wat in lyn was met hulle fenomenologie.

- Realistiese verwagtinge

Die navorser is van mening dat goed gedefinieerde probleme noodwendig aanleiding gee tot realistiese besluitneming omdat respondente oor genoegsame inligting beskik en 'n probleemoplossing vind wat geskik is vir daardie spesifieke situasie. Respondent drie noem dat "in future I can work as a social researcher" en "if I can pass my major modules with more than 60% I would like to do Honours in sociology, so if I don't get 60% and above if I can't do it, ok, I'll go do community development". Met verwysing na kreatiewe denke en assimilasië blyk hierdie respondent se verwagtinge realisties te wees. Die navorser verwag ook na aanleiding van die uittreksels hierbo, dat hierdie respondent op ander hulpbronne sal steun om 'n oordeelkundige besluit te neem. Die inligting wat sy hier gee, dui reeds daarop dat sy moes oplees oor haar veld. Indien haar vakgemiddeld bo sestig is, wat in sekere velde deur die Universiteit vereis word, sal sy besluit watter rigting sy sal kies.

Met verwysing na respondent vier se jeug, het sy al op skool getoon dat haar belangstelling in die maatskaplike veld lê. Sy het onder andere op bronne by die skool, 'n sielkundige en familie gesteun ten einde haar eie besluit te neem om maatskaplike werker te word. As verlede 'n aanduiding is van huidige en toekomstige aksies, sal die respondent 'n besluit neem met inagnome van relevante informasie en 'n geassimileerde antwoord aktualiseer. Uittreksels uit respondent vier se onderhoud dui op realistiese verwagtinge weens assimilasië: "I feel like people have to solve their own problems" en op 'n vraag of sy sou erken dat sy miskien verkeerd kan wees indien sy in haar beroep 'n fout sou maak, was haar antwoord dat sy haar fout sou erken en nie daarvan wegstrem nie. Ook sê sy "I believe in empowerment, that's why, that people can feel empowered and not feeding them with this grants and whatever,

instead you can help them help themselves” in verband met spesialisering in die toekoms in gemeenskapsontwikkeling.

8 SAMEVATTING

Die navorser het aandag gegee aan navorsingsmetodologie om te toon hoe te werk gegaan is om die data in te samel en te verwerk. Die navorser het die inligting uit die onderhoude weergegee met verwysing na twee temas, naamlik beroep en proses asook die onderskeie kategorieë en dit ondersteun deur uittreksels uit die betrokke respondente se onderhoude.

Met verwysing na die navorsingsvraag, te wete die rol van die gestaltproses in besluitneming, blyk dit uit die inligting wat uit die onderhoude verkry is, dat daar 'n beduidende wederkerige invloed is by respondente ten opsigte van besluitneming en die gestaltproses. Met wederkerige invloed bedoel die navorser dat, waar proses en beroepsrigting mekaar aanvul en ondersteun, die student meer in voeling is en sterker identifiseer met wie hulle is en waarheen hulle gaan, terwyl die teendeel waar is vir respondente waar proses en beroep mekaar nie steun nie. Proses speel dan ook 'n belangrike rol in besluitneming omdat die manier waarop die probleem gedefinieer word 'n invloed het op goeie en slegte uitkoms. Die neem van 'n besluit het dan weer 'n impak op die persoon se proses. In hoofstuk vier gaan die navorser die bevindinge van hierdie hoofstuk bespreek aan die hand van relevante literatuur ter staving of verwerping van die bevindinge.

HOOFSTUK 4: LITERATUURKONTROLE

1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk het die navorser na literatuur as kontrole gekyk om die data wat in hoofstuk drie weergegee is, te bevestig of die teendeel te bewys. Data verkry in hoofstuk drie het twee temas te vore gebring, naamlik beroep en proses. Vervolgens word na literatuur verwys om beroep te beskryf met spesifieke verwysing na die drie kategorieë wat gebruik word as motivering vir die kies van 'n studierigting, naamlik: studierigting, ontwikkeling van huidige studierigting en hulpbronne. Die laaste kategorie word bespreek aan die hand van drie subkategorieë, te wete familie, skool en ander hulpbronne.

Met verwysing na die tema proses, word aandag gegee aan die kategorie selfkonsep met die subkategorieë ware, ideale en valse self en ook probleemoplossingstrategie as kategorie met spesifieke fokus op swak gedefinieerde probleme en goed gedefinieerde probleme. Onder die subkategorieë sal introjekte, assimilasië, onrealistiese en realistiese verwagtinge ook na aanleiding van literatuur bespreek word.

2 BEROEP

2.1 Studierigting

Studierigting, soos uiteengesit in hoofstuk drie, word omskryf deur die volgende kategorieë waar die agtergrondinligting van die respondente se huidige studieverlede beklemtoon word:

2.1.1 Ontwikkeling van huidige studierigtings

Dit blyk uit hierdie studie dat respondente op skool reeds breedweg geweet het wat hulle aanvoeling vir 'n spesifieke beroepsrigting is en dat die toepassing van daardie kennis rigting gegee het aan huidige studies. Mc Daniels en Gysbers (in Turner & Lapan, 2005:417) sien beroepsontwikkeling as 'n lewenslange ontwikkelingsproses deur onderrig, en sluit dit, volgens Herr (in Turner & Lapan, 2005:417) intervensies soos psigometriese instrumente in wat ook ouderdom en in konteks van omstandighede aangepas is (Herr, Cramer & Niles, 2004:218-234). Super, Savickas en Super (in Turner & Lapan, 2005:417) stel dit dat jeug op skool vaardighede soos aanpassingstrategieë, buigsaamheid en proaktiewe benaderinge aanleer wat hulle sal help om bevredigende strukture te vorm wat van hulp sal wees dwarsdeur hulle lewe. Ander aspekte van belang is die vorming van 'n beroepsidentiteit deur meer van jouself te leer, asook doelwitstelling en die verwesenliking daarvan (Turner & Lapan, 2005:418). Die omskrywing en kompromie teorie van Gottfredson toon dat adolessente hulle belangstellings in beroep, verwagtinge, uitkomst en verwagtinge van prestige beperk en kanaliseer in lyn met sosiale en geslagsverwagtinge ten koste van hulle interne unieke self (Turner & Lapan, 2005:422). Met verwysing na hoofstuk drie is dit duidelik dat respondente op skool besig was met die vorming van beroepsidentiteit deur omskrywing en kompromie, dit wil sê omskrywing van die velde waarin belanggestel word en verdere verfyning van daardie velde deur kompromie, deur gebruik te maak van hulpbronne tot hulle beskikking. Van die respondente het ook hulleself beperk deur gehoor te gee aan invloede van die gemeenskap en familie en twyfel tans oor dit wat hulle studeer.

Omdat die respondente wat deelgeneem het aan hierdie studie net uit vroue bestaan, het die navorser dit goed gedink om meer op die vrou se ontwikkeling van huidige studierigtings te konsentreer ten einde die inligting wat in hoofstuk drie weergegee is, te ondersteun. Die meeste navorsing in verband met beroepsontwikkeling is met mans as respondente gedoen (Weiten, 2001:467). Daar is bewyse in ander navorsing dat die beroepsontwikkeling van die twee geslagte verskil. Terwyl die manlike geslag

se beroepsontwikkeling duidelik gevolg kan word in navorsing, is dit nie die geval met vroue nie weens beroeponderbrekings, soos in die geval van kindersorg en familiekrisisse (Weiten, 2001:467; Herr *et al.*, 2004:256). Beroepsontwikkeling vir vroue staan dan ook hoofsaaklik in die tweede plek omdat die man se beroep voorkeur geniet in 'n familie in Afrika suid van die Sahara, aldus Aryee (2005:276). Vroue kry ook minder “mentorskap” as mans, dit wil sê 'n persoon of “mentor” in 'n senior posisie in 'n organisasie wat as rolmodel of adviseur vir 'n minder bekwame werker dien (Weiten, 2001:466). Vroue word ook meer blootgestel aan diskriminasie (Weiten, 2001:466; Aryee, 2005:276). Daar blyk ook 'n glasplafon-effek te wees vir vroue deurdat hulle nie verby middelbestuursposisies beweeg nie (Weiten, 2001:467) en ook in minder posisies van leierskap is (Rathus, 2003:578). Vanuit 'n loopbaanontwikkelingsperspektief is dit van uiterste belang dat loopbaanbeplanning en vaardighedsontwikkeling deurlopend plaasvind en dit moet al in adolessensie aangewakker word, waarskynlik selfs vroeër.

Paa en Mc Whirter (in Herr *et al.*, 2004:398) het bevind dat vir beide geslagte vermoë, rolmodelle en media die drie groot agtergrondsinvloede is waar dit ondersteuning en beroepsontwikkeling aangaan. Waar dit omgewingsinvloede aangaan, is bevind dat meisies die moeder eerste plaas, dan die vader en dan vriendinne ten opsigte van ondersteuning en beroepsontwikkeling (Herr *et al.*, 2004:398). Vervolgens word daar aandag gegee aan spesifiek skool, familie en ander hulpbronne.

2.1.2 Hulpbronne wat gebruik word as motivering vir die keuse van studierigting

2.1.2.1 Skool

Naas familie speel skool 'n beduidende rol in die respondente se lewe ten einde beroepsoriëntering te stuur. Respondente het vakkeuse en veral wiskunde, gebruik om hulle beroepe en keuse van beroepe te omskryf en kompromieë aan te gaan. Respondente het byvoorbeeld gesê dat hulle nie goed in wiskunde is nie en daarom 'n

ander studieveld gekies het. Die skool gee insig ten opsigte van sterk eienskappe van die persoon en dien ook as filter in studierigtings deurdat vakkeuse sekere beroepe aan bande lê. Verder dien die skool ook die funksie om addisionele inligting aan studente te voorsien.

Kwaliteitinteraksie tussen die leerder en onderwyspersoneel het 'n invloed op skoolprestasie en interaksie (Vasta, Miller & Ellis, 2004:470). Sosiale en intellektuele ontwikkeling word grootliks beïnvloed deur adolessente se prestasie op skool (Drummond & Ryan, 1995:123). Weiten (2001:479) wys daarop dat skoolmateriaal en personeel 'n rol speel deurdat hulle 'n invloed het op die persepsie van die leerder in wat gepas is vir 'n geslag en wat onvanpas is vir daardie geslag. Met verloop van onderrig word leerders gekanaliseer in beroepsrigtings wat gepas geag word vir hulle geslag. Die manlike geslag word aangeraai om wiskunde te doen ten einde ingenieurs en dokters te word terwyl die vroulike geslag aangemoedig word om klasse te neem waar die fokus op onder andere verpleging en tuismakers val (Weiten, 2001:479; Rathus, 2003:578). Weiten (2001:476) voer aan dat daar nie 'n groot verskil is waar dit vermoë in wiskunde aangaan tussen die twee geslagte op hoërskoolvlak nie. Die navorser wys daarop dat die respondente van hierdie studie, wat almal vroue is, hulleself ook meer aan wiskunde gemeet het as ander vakke. Dit kan wees dat wiskunde as die goue sleutel gesien word en 'n moontlike bewustheid wat by leerders geskep is aangaande die belangrikheid van hierdie vak. Betz (2005:257) wys daarop dat om nie wiskunde te hê nie een van die grootste struikelblokke vir beroepsontwikkeling is selfs waar dit dames aangaan. Betz (2005:257) gaan verder deur te toon dat universiteitstudente weens gebrek aan wiskunde beperk word tot velde soos Menslike wetenskappe en Maatskaplike Werk.

In hierdie studie is dit duidelik dat respondente hulleself gemeet het aan wiskunde as die vak wat hulle drome sou bewaarheid. In werklikheid het van die respondente rigtings gaan studeer waar wiskunde nie 'n vereiste is nie. Die vraag kan nou gevra word of die respondente se valse hoop in wiskunde gevestig is deur daardie verskuilde indoktrinasie dat indien 'n persoon nie wiskunde as vak op skool het nie,

hulle nie verder kan studeer nie. Cobia en Henderson (2003:22) wys daarop dat enige kurrikulum ook tot gevolg het dat leerders blootgestel word aan onbedoelde verskuilde boodskappe. Kurrikulum word volgens Cobia en Henderson (2003:22) gesien as 'n breë raamwerk van die leerinhoud, uitkomst en standarde vir studente. Drie areas wat belangrik geag word volgens Apple (in Cobia & Henderson, 2003:22) is:

- Die verskuilde boodskap in handboeke en ander kurrikulum materiaal;
- Die norme, waardes wat in regulasies, rituele, strukture en interaksie oorgedra word aan die leerder; en
- Inligting wat met opset of onopsetlik uit die formele kurrikulum uitgelaat is.

Die navorser is van mening dat die klem op wiskunde onder andere as 'n verskuilde boodskap oorgedra is en motiveer dit aan die hand van respondente wat hoofsaaklik wiskunde as dié vak gebruik het, om hulleself aan te meet.

In 'n studie deur Gray en Xiaoli (in Herr *et al.*, 2004:395) is bevind dat die meerderheid studente wat deelgeneem het aan daardie studie, aangedui het dat hulle meer geleentheid wou hê om beroepe te eksplorieer. Respondent vier het dan ook die skool sisteem gebruik om meer inligting te verkry en so haar studierigting verfyn tot dit wat sy tans studeer. Die skoolsisteem lê die adolessent aan bande juis wanneer vryheid essensieel is vir die stadium van identiteitsvorming deur adolessente te plaas na gelang van die skoolsisteem se persepsie van die adolessent se vermoë, akademiese en sosiale groepringe (Horton & Bucy, 2000:45). Onderwysers bepaal wat van belang is en neem dus besluite namens die adolessent (Horton & Bucy, 2000:45). In respondent vier se geval blyk dit dat onderwysers hulpvaardig was ten einde 'n persoon te kry om meer inligting in verband met studierigtings te verskaf.

2.1.2.2 Familie

Uit die onderhoude met die respondente het dit na vore gekom dat ouers 'n groot rol speel met betrekking tot kognitiewe ontwikkeling en dat familie ook 'n groot invloed het op beroep en beroepsontwikkeling, hetsy positief of negatief. Een van die belangrikste eienskappe van die familie is ondersteuning (Geurts & Demerouti, 2003:293)

Die verhouding tussen die adolessent en sy of haar ouers is van groot belang gedurende hierdie lewensfase (Horton & Bucy, 2000:40). Fisiese, kognitiewe en sosiale veranderinge in hoërskoolstudente het 'n impak op die verhouding tussen ouer en student. Probleme soos ouerlike ontevredenheid waar dit die huwelik aangaan, ekonomiese krisis en beroepsheroorweging is maar net 'n paar faktore wat stremming op die verhouding tussen die ouer en die adolessent plaas wat weer 'n impak het op die selfkonsep van die adolessent (Horton & Bucy, 2000:41; Drummond & Ryan, 1995:123; Siegler, Deloache & Eisenberg, 2003:454-455; Nathan & Hill, 2006:17). Die adolessent se vermoë om effektief te redeneer is duidelik gekoppel aan goeie, sinvolle verhoudinge (Drummond & Ryan, 1995:123; Horton & Bucy, 2000:45). Wêreldsiening en besorgdheid oor andere word ook meer van belang vir die adolessent in die laat adolessensie fase (Drummond & Ryan, 1995:123) en is te sien by verskeie respondente in hierdie studie soos respondent een se geloofsoortuiging dat politiek en geloof geskei moet word en respondent vyf wat gehoor gee aan haar ouers se druk om eerder in 'n ander rigting te studeer as wat sy wil. Gevaar in die hantering van die psigososiale konflik van die beroepskeuse gee aanleiding tot twyfel in wie die persoon dink hy of sy is en wil word (Drummond & Ryan, 1995:123). Adolessente soek outonomie maar het ondersteuning nodig van ouers en portuur (Drummond & Ryan, 1995:123; Rathus, 2003:598; Siegler *et al.*, 2003:456). In hierdie studie blyk dit waar respondente outonomie ervaar het, hulle beter keuses gemaak het as respondente wat voel dat hulle geen keuse het as om dit wat die familie verwag na te jaag nie, veral in die geval van respondent vyf en in 'n mate respondent een.

Gesonde en veilige bindingstyl van ouers fasiliteer beroepsontwikkeling van adolessente en korreleer positief met verbintenis tot beroepskeuse en korreleer negatief met 'n persoon wat te haastig 'n beroepskeuse maak. Gesonde en veilige bindingstyl kan vertrouwe en eksplorering fasiliteer in beroepsontwikkeling (Herr *et al.*, 2004:399). Dit is te sien in die terugvoer dat van die respondente hulleself meet aan hulle ouers en die verwagtinge van die ouers. Respondente het onder andere gekyk na hulle ouers se beroepe om ook as stuur te dien.

Die rol van ouers as primêre bepalers van adolessente se beroepsontwikkeling is in verskeie studies geïdentifiseer (Herr *et al.*, 2004:395). 'n Studie deur Young, Friesen, en Dillabough (in Herr *et al.*, 2004:395) het vyf areas geïdentifiseer waar ouers adolessente kan help met beroepsontwikkeling:

- Oop kommunikasie tussen ouers en adolessente;
- Ontwikkeling van verantwoordelikheid;
- Aktiewe deelname van ouers in die lewens van die adolessent;
- Aanmoediging van outonomie;
- Spesifieke leiding wat deur ouers voorsien kan word.

Die karakter van 'n familie dien ook as 'n manier om kultuur-, geskiedenis- en betekenissisteme aan jeug oor te dra en dien verder as struktuur om verskille oor klasse, sosialisering en beroepsoriëntering uit te lig (Herr *et al.*, 2004:197). Chusid en Cochran (in Herr *et al.*, 2004:197) het bevind dat werk deurdring is met familietemas en dat beroepsverandering ook verstaan kan word in konteks van veranderinge in die familie. In 'n longitudinale studie van vroue vanaf vroeë adolessensie tot vroeë volwassenheid deur Gustafson en Magnusson (1991:189) is gevind dat waardes wat deur ouers voorgehou is, 'n sterk invloed op hulle dogters se onderrig en beroepuitkomste het, ongeag die ouers se sosio-ekonomiese status. Die outeurs dui daarop dat, hoewel die studie in Swede gedoen is, daar wel sekere sielkundige dinamiek is wat veralgemeen kan word na ander kulture (Gustafson & Magnusson,

1991:193). Die navorser maak gebruik van hierdie studie wetend dat dit 'n ou studie is, maar aangesien dit longitudinaal was en daar volgens die navorser nie baie longitudinale studies in verband met familieinvloede op die vrou se beroepsontwikkeling vanaf adolessensie tot volwassenheid is nie, is hierdie studie relevant. Verder speel familie ook 'n rol as netwerk om werk te kry deur hulle kontakte te gebruik om aansoek te doen vir werk (Beshara, 2006:48). Respondente in hierdie studie het families gebruik as ankers. Die familie het ook 'n invloed op wat studeer word (Rathus, 2003:601) met verwysing na een respondent wat 'n studierigting van haar ouers se keuse wil volg. Ander respondente gee gehoor aan familiewense met verwysing na politiek en geloofsoortuiging.

2.1.2.3 *Ander hulpbronne*

Verskeie respondente het gebruik gemaak van ander hulpbronne naas die familie en skool. Respondente twee en vyf het onderskeidelik na televisie en algemene beroepstoetse verwys. In die onderhoude is daar ook na tydskrifte verwys wat as inligtingsbron gebruik is. Respondent vier het ook kontak gehad met 'n sielkundige om meer oor daardie veld uit te vind. Vervolgens word na die rol van ander hulpbronne gekyk as hulp tot beroeporiëntering.

In Suid Afrika publiseer die Departement van Arbeid "My Loopbaan/My Career" as 'n omvattende boek van beroepe beskikbaar in die land en bevat afdelings soos algemene inligting, algemene beskrywings van beroepe en bruikbare adresse (Stead & Watson, 1999:184). Die algemene inligting is van belang omdat dit beroepskeuse, beroepsbeplanning, finansiële bystand, beroepsmoontlikhede gebaseer op, onder andere, skoolvakke insluit (Stead & Watson, 1999:184). Herr *et al.* (2004:577) voer aan dat die gebruik van audiovisuele hulpmiddels daarmee help dat die student addisionele hulp soek in verband met beroepe en 'n effektiewe manier is om inligting aangaande beroepe te versprei. Ander hulpbronne genoem deur Stead en Watson (1999:184-186) is rekenaars, menslike hulpbronne, selfhelp-materiaal en deur

vrywillige diens te doen. Vrywillige diens is ook 'n manier om uit te reik en ander te help (Beshara, 2006:125). Respondente het ook gebruik gemaak van portuur as hulpbron. Daar is druk vir die adolessent om aan dieselfde groepsdruk en portuurkultuur te konformeer (Drummond & Ryan, 1995:123; Rathus, 2003:601).

3 PROSES

3.1 Selfkonsep

Uit die onderhoude was dit duidelik dat die respondente op kennis van hulself gesteun het om omtrent alle interaksie te reguleer na gelang van wie hulle dink hulle is. Interaksie met ander en besluitneming in verband met beroep word gestuur met inagnam van die selfkonsep. Respondente het onder andere velde van studie uitgesluit weens hulle persepsie van wie hulle is, soos byvoorbeeld een respondent wat nie 'n verpleegster wou word omdat sy nie met bloed wou werk nie, maar dat sy wel 'n maatskaplike werker kan word. Haar motivering is liefde vir mense en wil net in sekere kontekste, soos maatskaplike werk, met mense werk. Hieruit is dit duidelik dat haar selfkonsep haar besluite reguleer.

Die selfkonsep is 'n georganiseerde samevoeging van beskouinge en persepsie van jouself en dien as 'n raamwerk wat bepaal hoe 'n mens inligting verwerk in verband met die self (Baron & Byrne, 2000:160). Vanuit 'n humanistiese benadering is die "self" die aktiewe skeppende mag wat strew na uitdrukking, ontwikkeling en groei (Westen, 1999:563). Die self word voorgehou as 'n georganiseerde patroon van denke en persepsie in verband met jouself (Westen, 1999:564) en verwys na die persoon (Westen, 1999:816). Vanuit 'n eksistensiële oogpunt het die mens nie 'n vaste geaardheid nie maar moet die mens dus sy of haar self skep en die mens moet dus ook betekenis skep deur verbinding tot sekere waardes, ideale, mense en aksies (Westen, 1999:564).

Selfkonsep het 'n invloed op beroepsontwikkeling (Drummond & Ryan, 1995:82). Lynch en Lynch (in Drummond en Ryan, 1995:120) postuleer dat selfkonsep 'n kognitiewe veranderlike is met 'n stel kognitiewe reëls. Volgens Siegler *et al.* (2003:424) is die selfkonsep opgemaak uit denke en houding in verband met die self. Lynch en Lynch (in Drummond & Ryan, 1995:82) gaan verder deur te sê dat hierdie reëls as 'n uitvoerende gesag funksioneer soos in vergelyking met die egokontrolefunksies in inligtingprosesseringsmodelle van kognisie. Adollesente gaan deur stadia van selfkonsepontwikkeling wat meer kompleks raak met ouderdom (Rathus, 2003:592). Super (in Watson & Stead, 2006:53) definieer die selfkonsep as "a picture of the self in some role, situation or position, performing some set of functions, or some web of relations" en sien die selfkonsep as produk van oorgeërfde, fisiese aanlegte en die geleenthede om hierdie aanlegte ten toon te stel in verskeie rolle, gekombineer met terugvoer van portuur en meerderes. Richards (2005:100) sien die self as die som van alles wat 'n persoon geleer het in verband met wie hy of sy is, hoe die wêreld werk en die persoon se plek in die wêreld. Die self word gesien in die lig van drie verskeie weergawes te wete die ware, ideale en valse self en word vervolgens bespreek.

3.1.1 Ware self

Richards (2005:51-52) wys daarop dat elke persoon 'n unieke natuurlike aanleg of gawe het. Volgens die navorser is dit hierdie uniekheid wat die individu in staat stel om te streef na aktualisering en deel uitmaak van voorkeure en afkeure van die individu. Rogers (in Weiten, 2001:504) glo dat mense bewus is van hulle selfkonsep en sien dit as 'n versameling beskouinge in verband met 'n persoon se eie natuur, unieke kwaliteite en tipiese gedrag. Die ware self word volgens Westen (1999:572) gesien as 'n kern gesigspunt van wese van 'n persoon en is onbesoedel van die voorwaardes van die mense om die persoon.

Die ware self is volgens die navorser die unieke self in gekombinasie met Westen (1999:572) se siening van geen besoedeling van andere. Respondente in hierdie studie het hulle self voorgedoen uit 'n sekere gesigspunt wat die navorser aanvaar het as die ware self met verwysing na onder andere "ek"-taal. Respondente het dus geëien dat hulle van sekere goed hou terwyl ander goed nie aanklank vind nie. Die navorser wys verder daarop dat die siening wat in hierdie studie gebruik is, nie noodwendig die enigste manier van interpretasie is nie en dat interpretasie steun op die subjektiewe standpunt wat die navorser inneem.

3.1.2 Ideale self

Ideale self volgens Carl Rogers is die interaksie van die self en die omgewing waar teenstrydigheid tussen die self en ideale self 'n aanduiding is van wanaanpassing (Baron & Byrne, 2000:174). Die teenstrydigheid tussen self en ideale self is 'n aanduiding van selfbeeld (Baron & Byrne, 2000:174). Die hoogste vlak van behoefte van die self is selfaktualisering, die behoefte om jouself uit te druk en om te groei, dus die aktualisering van potensiaal. Selfaktualiseringsbehoefte word nie gedryf deur die tekortkoming aan 'n behoefte nie maar eerder die behoefte aan groei waar dit vaardigheidsbekwaamhede en vermoëns aangaan (Westen, 1999:447). Hierbenewens word selfregulering gesien as doelstellings, die evaluasie van prestasie en die aanpassing van gedrag om doelstellings te bereik in die konteks van deurlopende terugvoer (Westen, 1999:551) soos gesien word met die ideale self. Gewaarwording maak deel uit van die self en gee aandag aan aspekte soos fisiese, intellektuele, emosionele en geloofswelstand. Gewaarwording maak jou bewus van aspekte van jouself, jou lewe en werk, wat goed is vir jou en dit wat sleg is vir jou (Richards, 2005:107). Self en situasie is voortdurend besig om te verander sodat die proses nooit volledig afgehandel kan word nie (Herr *et al.*, 2004:222). Proses word gesien in die lig van die unieke self en nimmereindigende interaksie met die omgewing.

Met verwysing na Pearson (1998) en Warr (1987) soos vervat in Weiten (2001:466) benadruk Weiten die feit dat mense wat hulle werk bevredigend vind beter fisiese en geestesgesondheid ervaar. Gewaarwording is volgens die navorser essensieel ten einde beroepe te kies wat in lyn is met wie die persoon is om beter fisiese en geestesgesondheid te ervaar. Die navorser sien die self as proses aangesien bogenoemde uiteensetting van die self nie staties is maar eerder dinamies voorkom met omgewingsinteraksie as 'n belangrike komponent van wie die persoon is deur sy of haar unieke self in die omgewing te laat geld.

In hierdie studie het respondente 'n spesifieke siening van wie hulle is met inagname van hulle omgewing, wat die ideale self opmaak. Respondent een gebruik haar moeder om te toon dat sy net soos haar ma is in haar optrede. Respondent twee toon 'n duidelike onderskeiding tussen haar en ander maar met inagname van ander. Daar is kongruensie tussen respondent drie en vier se ware en ideale self en word oorgedra in hulle entoesiasme waar dit hulle beroep aangaan en wie hulle in hulle beroepe is.

3.1.3 Valse self

Die valse self word voorgehou as die individu probeer om aan sosiale vereistes te voldoen (Westen, 1999:572). Solso, Maclin en Maclin (2005:446) wys daarop dat mense nie heeltemal rasioneel is nie. Waar die ware en ideale self nie kongruent is nie, blyk dit dat dit probleme vir die individue veroorsaak, in die hede en in die toekoms. Baron en Byrne (2000:174) stel dit dat hoe groter die wanverhouding tussen die self en ideale self, hoe meer is die persoon wanaangepas, ongelukkig en verdedigend in sy of haar persoonlike omgang. Die navorser is van mening dat die valse self vergelyk kan word met identiteitsdiffusie waar apatie oorheers. Die persoon het geen behoefte om ideologiese standpunt in te neem ten einde rigting aan sy of haar bestaan te gee nie. Konfrontasie word vermy deur net in te gee aan vereistes wat problematies kan wees (Weiten, 2001:461). Apatie was opvallend in respondent vyf waar haar ouers dikteer wat sy moet studeer. Bosma en Gerlsma (2003:467) wys

daarop dat gedrag van die valse self voorkom omdat daar ingegee word aan eise van vriende of ouers ter uitsluiting van die self. Respondent vyf wys daarop dat sy sal doen wat haar ouers van haar verwag al is sy bewus daarvan dat die uitkoms negatief sal wees.

3.2 Probleemoplossingstrategieë

Probleme verskil volgens hulle helderheid dit wil sê hoe goed die probleem verstaan word (Weiten, 2001:320). Met verwysing na die respondente in hierdie studie het hulle op verskeie maniere te werk gegaan om probleme in hulle lewens op te los. Die probleme was nie net beperk tot beroep nie maar ook in verband met familie.

Tot op hede bestaan daar, volgens die navorser, nie 'n teorie oor probleemoplossing nie en probleemvoorstelling word deur verskeie veranderlikes beïnvloed (Green & Gilhooly, 2005:376). Om probleme op te los, maak deel uit van besluitneming. Besluitneming word as 'n fundamentele aktiwiteit geag wat daagliks plaasvind (Ayton, 2005:382). Fischhoff (2006:360) sien probleemoplossing as 'n belangrike komponent van besluitneming. In realiteit waar dit besluitneming aangaan, speel die soeke en skep van alternatiewe in besluitneming 'n belangrike rol.

Vanuit 'n gestaltperspektief maak mense gebruik van twee strategieë om probleme op te los. Die een is deur gevestigde weë te volg om 'n probleem op te los en dus te steun op vorige ondervinding, dit wil sê reproduserende denkstrategieë, terwyl die tweede manier die persoon noop om kreatief te dink om 'n probleem op te los, ook genoem produserende denke (Kellogg, 2003:361).

3.2.1 Swak gedefinieerde probleme (gevestigde weë)

Die respondente wat probleme swak gedefinieer het op skool, waar dit hulle beroepskeuses aangaan, het 'n geneigdheid getoon om nie seker te wees of hulle die regte vakke of studierigting gekies het nie. Daar is ander faktore wat 'n invloed het op vakkeuse en studierigting, soos finansiële ondersteuning, vereistes gestel deur ander instansies om aan sekere kriteria te voldoen, byvoorbeeld beursbeperkings. Vir die doeleindes van hierdie studie word aandag beperk tot die inligting wat deur die respondente verskaf is. In hierdie studie is swak gedefinieerde probleme uitgelig in die vorm van introjekte. Dit word vervolgens bespreek.

Swak gedefinieerde probleme het een of meer elemente in die aanvanklike uiteensetting, doel en beperkinge wat onvolledig is of wat nie duidelik gespesifiseer is nie. Dit is gevolglik deurtrek met onsekerheid oor wat die beste oplossing op die einde gaan wees (Weiten, 2001:320).

Algemene probleme wat met probleemoplossing ervaar word, is:

- Irrelevante inligting. Effektiewe probleemoplossing vereis dat relevante van irrelevante inligting geskei word voordat daar beweeg word (Weiten, 2001:320).
- Funksionele vasstaande of gevestigde gestalte. Gesien uit 'n gestaltperspektief is dit die geneigdheid om 'n item net waar te neem in die konteks van waarmee dit die meeste geassosieer word, soos byvoorbeeld in Weiten (2001:321): dat 'n skroewedraaier net daardie funksie van skroewe indraai het en nie byvoorbeeld as 'n gewig kan dien nie. Hierdie verskynsel blyk 'n sterk invloed te hê op alledaagse probleme en die oplossing daarvan (Green & Gilhooly, 2005:356).
- Verstandelike rigiditeit. Dit gebeur wanneer die persoon staatmaak op oplossingstrategieë wat in die verlede effektief was wat miskien nie van toepassing is op 'n huidige probleem nie (Weiten, 2001:321). Die identifisering van beter en eenvoudiger maniere om die probleem op te los, word verhoed

deur die herhaling van die aangeleerde gedrag om die probleem op te los (Green & Gilhooly, 2005:354).

- Onnodige beperkinge. Hiervolgens moet die persoon wat die probleem probeer oplos al die beperkinge wat die probleem oorheers, spesifiseer sonder om aannames te maak ten opsigte van die beperkinge wat mag bestaan. As voorbeeld noem Weiten (2001:321) die probleem met die nege kolle waar al die kolle met mekaar verbind moet word met nie meer as vier lyne nie. Die tendens is om nie deur die kolle se grense te beweeg nie, terwyl die antwoord juis daarin geleë is. Deur nie vas te val in die aanname dat die grense nie oorskry mag word nie, is die antwoord tot probleemoplossing (Weiten, 2001:321).

Respondent een se besluit om haar huidige studierigting te kies, het gebruik gemaak van 'n kombinasie van irrelevante inligting, gevestigde gestalte, verstandelike rigiditeit en onnodige beperkinge. Sodoende oriënteer sy haarself waar dit haar beroepskeuse aangaan en verwys na die wit jas, gemeenskapsvereistes en vrees vir bloed as motivering. Hierdie beredenering kan bydra tot haar huidige probleme in haar studies en onsekerheid oor haar gekose studierigting. Respondent twee steun op gevestigde gestalte (ouers weet beter) en onnodige beperkinge om haar probleme op te los. Omdat hierdie respondent haar probleem van haarself distansieer en dit in die derde persoon voorstel, loop sy die risiko om nie irrelevante inligting van relevante inligting te skei nie, deurdat sy uit voeling is met haarself soos bespreek word in introjekte.

Stadige leerders steun volgens Green en Gilhooly (2005: 373) op die oormatige gebruik van strategieë wat in die verlede gewerk het, genereer en toets meer hipoteses wat verkeerd is en maak nie gebruik of ignoreer terugvoer in verband met die fout begaan. Die navorser beskou nie hierdie respondente as stadige leerders is nie, maar dit is duidelik uit bogenoemde en uit beide respondente se loopbaanontwikkeling dat respondente terugvoer ignoreer in verband met foute begaan en dat hulle op onbuigsame gevestigde weë steun. Respondent een toon

hierdie wanfunksie van agslaan op informasie deurdat sy van haar vakke gekies het op grond van die idee dat sy van die vak sal hou omdat sy dink sy daarvan sal hou.

Uit die bespreking oor swak gedefinieerde probleme is dit opvallend dat respondente wat probleme swak definieer, gebruik maak van sekere patrone. Dit word vervolgens bespreek onder introjekte en onrealistiese verwagtinge.

3.2.1.1 *Introjekte*

Yontef (1993:265) sien 'n introjek as 'n keuse om iets te doen of 'n aksie uit te voer sonder diskriminasie, kontak of assimilasie. Introjeksie word ook geassosieer met "moets". In ander woorde, die opinie, houding of opdrag word aangeneem asof dit waar is sonder enige diskriminasie (Joyce & Sills, 2006:125). In die geval van respondent vyf het sy net haar ouers se siening aanvaar sonder om te onderskei of dit wat hulle wil hê, goed vir haar is. "Top dog/under dog" beskryf die interne konflik wat kan plaasvind in 'n persoon waar die "top dog" die moraliserende outoriteit verteenwoordig wat in dialoog as moets en moenies manifesteer terwyl die "under dog" passief beheer in teenstelling met die "top dog" (Yontef, 1993:77-78). Yontef gaan verder deur daarop te wys dat besluitloosheid weens die moets en moenies die persoon in konflik met hom- of haarself plaas en dat die persoon dan heen en weer beweeg tussen die twee pole. Gevolglik word geen besluit geneem nie, wat lei tot konflik in die persoon (Yontef, 1993:184). Hierdie konflik was duidelik in respondente wat gebruik maak van introjekte deurdat hulle van rigting wil verander, maar ook nie. Respondent vyf se ouers kan gesien word as die bron van die moraliserende outoriteit waaruit die konflik spruit. Die gevolg is dat die respondent verwys is vir beroepsberading.

Volgens Harren (in Stead & Watson, 1999:128) is afhanklikheid een van drie beroepsbesluitnemingstyle waarvan die ander twee style te wete rasioneel en intuïtief onder 3.2.2.1 bespreek word. Hiervolgens neem die persoon nie verantwoordelikheid

vir die besluit wat geneem is nie. Die besluitnemer steun op die gesigspunt en verwagtinge van gesaghebbendes en portuur (Stead & Watson, 1999:128). Respondent een het op introjekte gesteun, gebaseer op geloof, om haar studierigting te motiveer deur daarop te wys dat sy niks met politiek te doen mag hê nie maar tog studeer sy Gemeenskapsielkunde waar politiek 'n prominente rol speel. Haar taalgebruik te wete die gebruik van "ons" in stede van "ek" gee 'n aanduiding daarvan dat die keuse nie noodwendig haar eerste keuse was of haar unieke self ondersteun nie. Dit was duidelik uit die onderhoud met die respondent dat die gemeenskap en hulle persepsie 'n groot rol speel in haar besluitneming. Respondent vyf gee gehoor aan moontlike kulturele introjekte deurdat ouers beter weet alhoewel sy voorsien dat sy die verkeerde rigting gaan studeer weens onderdanigheid aan haar ouers omdat haar opinie geïgnoreer word.

Twee respondente het gebruik gemaak van 'n afhanklike besluitnemingstyl. Dit het noodwendig oorgevloei na verwagtinge wat onrealisties is en word volgende bespreek.

3.2.1.2 *Onrealistiese verwagtinge*

Selfs wanneer adolessente moeilike keuse moet maak in vergelyking met volwassenes sal daardie keuses meer foute hê as dié van volwassenes (Fischhoff, 2006:665). Fischhoff (2006:665) stel dit dat adolessente se keuses deel uitmaak van 'n globale voorkeurkonstruksieproses wat verband hou met dit wat hulle van hou, wie hulle is en sosiale gewoontes wat hulle aanneem. Adolessente beskryf hulle besluite in terme van 'n fokuspunt wat swak gedefinieer word. Indien kompeterende opsies te voorskyn kom in 'n probleemstelling, kom minder antwoorde te voorskyn (Fischhoff, 2006:665-666). Respondente een en vyf het gesteun op gevestigde weë sonder inagnome van al die nodige inligting of verwerking van inligting voorhande. Respondent een het onder andere besluite ten opsigte van vakkeuse op 'n emosionele vlak geneem sonder 'n rasonale ondersoek na die vakinhoud.

3.2.2 Goed gedefinieerde probleme (kreatiewe denke)

Probleemoplossing vanuit 'n gestaltperspektief gebeur deur die probleem te herstruktureer of van her-verteenwoordiging gebruik te maak deur insig of die "aha"-verskynsel (Green & Gilhooly, 2005:353). Deur die probleem te herstruktureer, doen die antwoord hom outomaties voor, gevolglik die "aha"-verskynsel.

Nog 'n komponent van goeie probleemoplossing is deur doelstellings daar te stel. Die doel stuur die rigting van denke om by 'n verlangde verteenwoordiging uit te kom maar wat nog nie in wese bestaan nie (Green & Gilhooly, 2005:358). Die outeurs voer aan dat die doelstelling bereik kan word deur 'n voorwaartse rigting te neem, met ander woorde deur generasie van aksies, evaluasie van die resultate en die verdere ondersoek in te stel na daardie resultate wat die mees bevredigende uitkoms weerspieël ten opsigte van die doelstelling. Die probleem kan ook opgelos word deur terug te werk. Hier word die doel afgebreek in kleiner doelwitte wat makliker is om te verwesenlik (Green & Gilhooly, 2005:353; Weiten, 2001:323). Verskeie respondente het gebruik gemaak van doelstellings om hulle te oriënteer ten opsigte van voorgenome studies. Vakuitslae word onder andere gebruik as motivering om harder te werk en om studierigtings uit te sluit ten opsigte van minimumvereistes.

Respondente wat hulle probleme goed gedefinieer het en realistiese doelstellings daargestel het, het minder probleme ervaar. Respondente het onder andere tyd geneem om probleme op te los deur die probleem op verskeie maniere voor te stel ten einde beter insig te verkry in verband met die probleem.

Goeie leerders maak beter gebruik van metakognisieprosesse en -strategieë as stadiger leerders. Dit word gestaaf deur studies van Thorndyke en Stasz en Green en Gilhooly wat vervat is in Green en Gilhooly (2005:373).

Maniere waarop kreatiewe denke ingespan kan word om probleme goed te definieer, is die volgende:

- Verwerking van die probleem deur ander inligting by te voeg deur voorheen onopgemerkte kenmerke of eienskappe waar te neem;
- Herkodering deur die probleem in 'n ander lig te stel. Green en Gilhooly (2005:361) noem die voorbeeld van hoe 'n man twintig vroue kan trou in een maand in 'n plek waar poligamie onwettig is. Met herkodering skuif die fokus van "trou" sodat trou se bedoeling van man wat 'n eggenoot word, verskuif na iemand wat ander mense trou byvoorbeeld 'n dominee (Green & Gilhooly, 2005:361);
- Beperkinge wat oorspronklik op die probleem geplaas is, te ontspan deur die vereistes vir die doelstelling minder beperkend te maak (Green & Gilhooly, 2005:361).

Respondent twee het onder andere gebruik gemaak van 'n almanak om die probleem te herkodeer. Deur dit te doen word die probleem ook in 'n ander lig gestel en gee dit haar dus geleentheid om genoegsaam te beplan vir die eksamen of werkopdragte. Respondent vier maak gebruik van verwerking, herkodering en die ontspanning van beperkinge op die probleem deur 'n buigbare strategie van intra- sowel as interprosesse deur te werk om antwoorde te verkry. Sy het die probleem in haar kop gedebatteer, dit op papier geskryf en gebruik gemaak van ander bronne soos familie en vriende om die probleem te herkodeer voordat sy 'n besluit geneem het wat gepas is vir daardie probleem en haarself. Soos respondente wat probleme swak definieer kom daar ook patrone voor by respondente wat probleme goed definieer en word die patrone, assimilasië en realistiese verwagtinge, nou bespreek.

3.2.2.1 *Assimilasie*

Harren (in Stead & Watson, 1999:128) onderskei drie beroepsbesluitnemingstyle naamlik rasioneel, intuïtief en afhanklik. Die relevante beroepsbesluitnemingstyle hier ter sprake is rasioneel en intuïtief. Dit word vervolgens bespreek:

- Rasioneel: Hierdie styl maak gebruik van 'n temporale komponent waarin die besluitnemer genoegsame akkurate inligting inwin, besluite neem op 'n rasonele en logiese manier, die behoefte van besluitneming in die toekoms antisipeer en verantwoordelikheid aanvaar vir die gevolge van daardie besluit.
- Intuïtief: Die fokus in hierdie styl is die huidige gevoel, fantasie en emosionele selfgawaarwording. Alhoewel hier ook verantwoordelikheid vir die besluit geneem word, is die besluit gebaseer op 'n intuïtiewe geloof dat die besluit 'n goeie besluit is, al kan die besluitnemer nie verduidelik hoe daar by die besluit uitgekom is nie (Stead & Watson, 1999:128).

Beide hierdie style het eiening van die besluit wat geneem word. Assimilasie behels die inneem van inligting en die oorweging van daardie inligting. Die persoon wat assimileer sal dit wat hy of sy nuttig ag van daardie inligting sy of haar eie maak en die res nie gebruik nie (Yontef, 1998:136). Die respondente wat duidelik getoon het dat daar onderskeid is tussen hulle en die omgewing, sonder dat die onderskeid oordrewe was, blyk probleme beter te hanteer. Respondente het dus wat vir hulle gegee is, afgebreek, geneem wat hulle van belang geag het om die probleem op te los en daardie deel geïmplementeer.

3.2.2.2 *Realistiese verwagtinge*

As na respondente gekyk word wat gebruik maak van goeie probleemoplossingstrategieë en hulle tevredenheid met hulle posisie tans ten opsigte van hulle studies, blyk hulle verwagtinge realisties te manifesteer. Goeie leerders

maak gebruik van 'n ondersoekende benadering. Hulle maak beter gebruik van werkende strategieë en evalueer dit wat hulle geleer het (Green & Gilhooly, 2005:373). Met inagnome van hierdie respondente se ondersoekende benadering kan verwag word dat verwagtinge realisties sal wees.

4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die temas wat in hoofstuk drie bespreek is met literatuur ondersteun. In werklikheid skakel die een tema by die ander in en is die kategorieë eerder 'n proses as wat dit gesegmenteerd is. Aandag is gegee aan beroepsontwikkeling met literatuurondersteuning vir bevindinge in hoofstuk drie. Daar is aandag gegee aan hulpbronne wat deur adolessente gebruik word om besluite te neem soos familie, skool en ander bronne. Die wederkerige invloed van hierdie bronne op die adolessent is ook bespreek.

Daarna is proses bespreek met verwysing na die selfkonsep om 'n idee te gee van die kompleksiteit van die self en daar is verwys na die ware, ideale en valse self. Self staan sentraal tot wie die persoon is en hoe die persoon te werk gaan om probleme te bowe te kom. Daar is ook gekyk na die manier waarop probleme opgelos word met verwysing na die definiëring van die probleem en hulpmiddels tot beter probleemuitsetting, assimilasië en introjekte.

In die hieropvolgende hoofstuk sal die voorafgaande hoofstukke saamgevat word ten einde gevolgtrekkings en aanbevelings te maak in verband met die navorsingsvraag, naamlik die rol van die gestaltproses in adolessente se besluitneming oor loopbaankeuse.

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk fokus die navorser op die navorsingsproses om te sien of die navorsingsvraag, doel en doelwitte beantwoord is soos uiteengesit in hoofstuk een. Daar word ook aandag gegee aan gevolgtrekkings en afleidings gemaak uit hierdie navorsing. Verder word gekyk na aanbevelings en bydrae en laastens na tekortkominge in hierdie studie.

2 PROBLEEM EN RASIONAAL VIR STUDIE

Die navorser het in hoofstuk een daarop gewys dat daar behoefte is vir studente om meer oor hulle prosesse en loopbaankeuses te weet. Die navorser het ook daarop gewys dat besluitneming problematies kan wees as die besluitnemer sy of haar proses nie laat geld nie. Die navorser het die probleem uitgelig deur eers 'n literatuurstudie te doen oor prosesse en hoe loopbaankeuse ontwikkel. Die navorser het na gestaltheorie gekyk om te sien wat prosesse is en ook na beroepsontwikkeling, soos Donald Super se teorie, om te sien hoe loopbane ontwikkel. In hoofstuk drie het die navorser gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude met studente van UNISA om te sien hoe hulle hul prosesse gebruik en hoe hulle loopbane ontwikkel het vanaf hoërskool tot op universiteitsvlak. Die data is verwerk en vergelyk met literatuurkontrole in hoofstuk vier om te sien of daar ondersteuning in die literatuur bestaan vir die bevindinge in hoofstuk drie. Met genoeg inligting verkry vanaf respondente en ondersteuning van 'n literatuurkontrole het die navorser aandag gegee aan die navorsingsvraag.

3 NAVORSINGSVRAAG

Die navorser het die volgende vier vrae gestel in hoofstuk een:

- Waarom ervaar adolessente probleme met vakkeuse?
- Hoe hou selfkonsep en waardes verband met die gekose rigting?
- Het adolessente genoegsame kennis in verband met beroepe?
- Het adolessente genoegsame kennis in verband met hulself?

Die antwoorde op hierdie vrae is interafhanklik en word nie afsonderlik bespreek nie.

